DESEMBER 2022

# KONTAK



## Lied in Jou Hart

## OP MY BOEKRAK
**Vroue in die Bybel**

## Sabbat en Ek

## TEOLOGIESE GESPREK
**Niemand Behalwe God is Goed nie**

## WARE GESONDHEID
LEEF BETER

NK JEUG

## DRAKENSBERG UITSTAPPIE
**In die Lug sal ek Gaan!**

TYDSKRIF VAN DIE NOORDELIKE KONFERENSIE VAN SEWENDEDAG-ADVENTISTE IN SUID-AFRIKA

# REDAKSIE

Net voor die draai van die vorige eeu, nog onder die ou Transvaal Konferensie was die Kontak tydskrif begin om ‘n sterk kommunikasie-band tussen die Konferensie en die lede te skep. Die tydskrif het weg gekwyn, maar vandag, onder die leiding van Lr. Peter Maligudu, is die Kontak tydskrif weer tot lewe geroep.

Die Kontak tydskrif is ‘n spieël van die verlede en ‘n geestelike gids vir ons toekoms.  Die NKSA se Kommunikasie & Digitalisasie Departement beoog om met sy lede elke kwartaal deur die Kontak tydskrif te verbind.

Die eerste afdeling bevat nuus van die afgelope drie maande. Die lede wat by die weeklikse Bulletin aangesluit het, sal weet dat ons Konferensie oorloop van geleenthede en hulpbronne vir alle ouderdomme, ma's, pa's, jeugdiges, kinders, gebede, gesondheid en vele meer. Hierdie wonderlike gebeurtenisse word vasgevang, gebottel, en die hoogtepunte word in hierdie tydskrif gedeel.

Na die nuus het ons 'n paar uitstekende artikels vir vele behoeftes en belangstellings. Hierdie artikels is daarop gemik om jou te vorm vir Christus se nabye wederkoms. Die doel is om voorsiening te maak vir alle lede van ons Konferensie. Hierdie is 'n Adventiste-tydskrif vir alle Adventiste. Ons is nie links of regs, konserwatief of liberaal nie; ons is gesonde Adventiste wat daarna streef om die wonderlike Sewende-dag Adventiste boodskap uit te leef. Verwag om alle sienings binne die Adventiste-grense in hierdie tydskrif te vind.

Agter in ons Kontak-tydskrif het ons 'n spesiale hoekie vir die kinders en die jeug. Hulle sal binnekort leer dat die laaste paar bladsye van elke Kontaktydskrif hulle s'n is om te geniet en om verryk te word.
As u enige nuus van 'n gebeurtenis of artikel het om te deel, kontak asseblief die Kommunikasie & Digitalisasie span by: communication@nc.adventist.org of contact@nc.adventist.org

**Aan God al die eer!**
**Lr. Jaco Jordaan,  Daleen Rodgers & Denise Pretorius**

## OMTRENT ONS

Kontak is die offisiële tydskrif van die Noordelike Konferensie van Sewendedag-Adventiste in Suid-Afrika

Opinies wat gelig word is nie noodwendig dié van die Konferensie of die redaksionele span nie.

Die Noordelike Konferensie Weeklikse Bulletin is propvol nuus en hulpbronne vir kerke en lede. Teken hier in of sluit aan by die groep.

Ons kantoor adres:
Oxford Straat 131, Bedford Gardens 2007, Gauteng, South Africa.




VIERDE KWARTAAL 2022

# INHOUD

02 Redaksie
04 Oordenking deur die President
05 Van die Sekretaris se Pen
06 Nuus Brokkies
10 Vrouebedieninge
12 MOWCS Fietsry Resies
13 Kinderbedieninge
14 Siele deur Boeke
16 Versorging van Herders
17 Op my Boekrak
18 Sabbat en Ek
22 Kemptonpark 50ste
23 Lied in my Hart
25 Ware Gesondheid
27 Lewensvaardighede V&A
29 Niemand Behalwe God is Goed nie
39 Hier om te Dien
43 Net soos Ek is
45 Voorwaarts Marsjeer
46 Rosettenvile Bring Hoop
47 Drakensberg Uitstappie
49 My Jaar in ABL
52 Kinderhoekie
56 'n Vis wat help
60 Aftree @ NKOT

## 17

Vroue in die Bybel:
Hul lewe
en hul
nalatenskap






## 25

Ware gesonheid
maak 'n verskil
Leef beter
Somer Resepte

## 47

Wanneer stadsjapies
spogklere veruil vir
stapskoene, asemrowende
tonele en
....baie moed!





## 52

Pretblaaie
Koel dinge vir kinders
Tyd met Jesus
Bybel en meer

# GEEN VERANDERING...

## OORDENKING DEUR ONS PRESIDENT



Lr. Rambelani Peter Maligudu

Ai! Die vreugde daarvan om 'n herlewing te ervaar van 'n uitstekende idee wat byna stilweg in die niet verdwyn het! Die tweede koms van ons geliefde tydskrif, **Kontak/Contact,** is waarlik 'n idee waarvoor die tyd aangebreek het. Namens die lidmaatskap wil ek hierdie geleentheid gebruik om die NKSA Kommunikasie en Digitalisasie Departement se span te bedank vir hulle toewyding en fokus in die produksie van hierdie briljante publikasie. Lr Jaco, Daleen en Denise, julle is verbasend!

Met dit gesê, behoort ons met hierdie eerste uitgawe van **Kontak** na 'n lang tyd, die oomblik te gebruik om onsself te herinner aan sommige belangrike dinge in ons nastrewing van die lewe, plig, en bestemming as volk. Die 27ste Sessie van die NKSA wat onlangs in September plaasgevind het, het heelwat veranderinge vir die Konferensie tot gevolg gehad. Die verskuiwing van Leraars en departementele leiers wat deur die sessiebesluite genoodsaak was, het die verandering van personeel in die konferensie meegebring. Soos egter gesê, verandering is die enigste onveranderlikheid in ons lewens. Dale Carnegie getuig hiervan in die volgende aanhaling: "Vyfhonderd jaar voor Christus gebore is, het die Griekse filosoof Heraclitus vir sy studente gesê dat "alles verander behalwe die wet van verandering". Hy het gesê: "Jy kan nie tweekeer in dieselfde rivier instap nie." Die rivier verander elke sekonde; en so ook die man wat daarin ingeloop het. Die lewe is 'n onophoudelike verandering. Die enigste sekerheid is vandag. Waarom die prag van om vandag te lewe, skend deur te probeer om die probleem op te los van 'n toekoms wat bedek is met onophoudelike verandering en onsekerheid – 'n toekoms wat niemand moontlik kan voorspel nie?"

> JY KAN NIE TWEEKEER IN DIESELFDE RIVIER INSTAP NIE

Ten spyte van die lewe se veranderlikhede, bly ons missie en visie as God se Kerk, egter onveranderd.

**Ons Missie**

- Maak dissipels wat soos Christus is van alle mense
- Leer gehoorsaamheid aan alles wat Jesus beveel het
- Rus hulle toe om die drie engele se boodskap te verkonding in voorbereiding vir Jesus se wederkoms

**Ons Visie**

Om evangelie uit te leef soos dissipels deur die krag van die Heilige Gees

Daar is ook geen verandering aan ons waardes as die organisasie nie. Ons waardes bly Gebed, Dissipelskap, Verantwoording, Kommunikasie, Integriteit, Respek, Eenheid, Barmhartigheid.

Laastens het ons almal onderneem dat ons sal Gaan.

**So, laat ons GAAN!**

# KONTAK MET ONS SKEPPER

## UIT DIE UITVOERENDE SEKRETARIS SE PEN

Lr. Reece Anderson



Soos wat 2022 se einde nader, is dit gewoonlik 'n tyd om te reflekteer oor die jaar wat verbygegaan het, sowel as gemengde gevoelens van hoopvolle verwagting en stille besorgdheid oor wat in die nuwe jaar op ons wag, volgens God se wil.

**Sien die Prag**

Nietemin is daar in elkeen van ons 'n ewige begrip soos vasgevang deur die wyse Salomo in Prediker 3:11 wat sê "Alles het Hy mooi gemaak op sy tyd; ook het Hy die eeu in hulle hart gelê sonder dat die mens die werk wat God doen, van begin tot end, kan uitvind".

Ons het elkeen 'n geleentheid om die soewereiniteit van God, Sy getrouheid en voorsiening in ons lewens te erken – individueel, as gesinne, as 'n kerk en binne ons Konferensie as 'n geheel. Prediker herinner ons in besonder dat ons vermoë om die prag van God se leidende hand te sien, goddelik gegee is, sowel as ons verlange na die ewigheid.

**Soek ons Skepper**

Met hierdie wete, laat ons besef dat dit binne elke ontmoeting wat ons met ons Heiland soek, is; doelbewuste en betekenisvolle **kontak met ons Skepper**, dat hierdie ewige begrip waarvan in Prediker gepraat word, in staat sal wees om te groei tot die innige en geseënde hoop wat in ons harte brand, hoop op die koms van die Here.

> ONS VERMOË OM DIE PRAG VAN GOD SE LEIDENDE HAND TE SIEN,
> GODDELIK GEGEE IS, SOWEL AS ONS VERLANGE NA DIE EWIGHEID.

Mag hierdie ons dwing om op dieselfde manier God se genade wat op ons uitgestort is, te deel. Ons bid ernstig dat terwyl ons vooruitsien na 2023 en alles wat dit mag inhou, om te onthou dat ons nog die groot dinge wat God vir ons sal doen, in ons, met ons en deur ons, vir Sy ewige heerlikheid, moet verstaan.

# NUUS BROKKIES

## KAINOS - 'N DROOM BEWAARHEID






*Lr. Nico Theunissen by Panorama Church*

Op 5 November 2022 het die Kainos gemeente in Alberton hulle nuwe gebou ingewy. Na baie jare se droom en bid het die Here hierdie wens waar gemaak. Die nuwe gebou gelee te 23 Plataanstraat, Brackendowns se toewydingsdiens is bygewoon deur verskeie van die leraars wat die gemeente deur die jare bedien het, asook stigterslede van die oorspronklike Alberton gemeente in 1962. Die dag was gelaai met hemelse musiek, deur verskeie kunstenaars vanuit die gemeente en ook van ander gemeentes. 'n Geskiedenis les soos min is aangebied deur verskeie van die lidmate en het die geskiedenis van die Alberton/Kainos gemeente vanaf 1962 tot nou ingesluit, daarna is die toewydingsdiens deur Leraar Hendrik de Winnaar gelei en uiteindelik is die gebou in gebed aan die Here toegewy deur Leraar Peter Maligudu en Leraar Reece Anderson. Die Kainos gemeente gee aan God al die eer.

Die Sabbatskool en Persoonlike Bedieninge departement het 143 aangetekende dopelinge vir Oktober en November. Hierdie dopelinge kom uit 12 gemeentes in die konferensie. Hierdie getal is gebaseer op die terugvoering wat ons ontvang het van plaaslike gemeentes, en daar mag dalk nog meer wees. Die SSPB departement moedig alle gemeentes om in 'n kort epos enige doopdienste aan te meld by jansenl@nc.adventist.org

Dr. Jacob Mahlangu het 35 siele by Oskraal ('n tak van Sunnyside kerk) op 15 Oktober gedoop, een van die menige spesiale geleenthede in ons Konferensie.

*Tien kosbare siele van die Boksburg Engelse SDA is onlangs gedoop. Agt is lede van die Baanbrekersklub. Leeraars Monkitsi Seoketsa, Ndabezinhle Mvelase en Angus Smith saam met die dopelinge.*



# NUUS BROKKIES

## NUWE VERKOSE LEIERS VIR NKSA




*Die nuwe leiers: Lr. Rambelani P Maligudu (NKSA President),*
*Lr. Reece Anderson (Uitvoerende Sekretaris),*
*Br. Gerrit Blignaut (Hoof Finansiële Offisier)*
*en Sr. Pamela Bimha (Finansiële Offisier)*

### NKSA Sakevergadering 2022
### Nuwe Verkose Direkteure:

Rentmeesterskap: Dr. Jacob Mahlangu
Ministeriële Vereniging & Opleiding: Dr David Spencer
Persoonlike Bedieninge, Evangelisasie & Sabbatskool: Lrs. Hendrik de Winnaar (Afr) & Monkitsi Seoketsa (Eng)
Trust & Regsdienste: Adv. Japie Strydom
Vroue- en Kinderbedieninge & Gracelink: Sr. Estelle Baker
Gesondheids- en Gesinsbedieninge: Sr. Connie Penniken
Uitgewersbedieninge: Br. Elijah Maanzo
Mobiele Etes Gemeenskapsdienste: Lr. Ian Grobler
Senior Jeugbedieninge: Lr. Talent Moyo
Opvoedkunde: Sr. Sonia Maphumulo
Noordelike Konferensie Ontwikkelingstrust: Lr. Werner van Wyk
Junior Jeugbedieninge: Lr. John Africa
Kommunikasie en Digitalisaie: (aanstelling deur Excom)

## SID NUWE LEIERS

**Die 2022 Suider-Afrika Indiese Oseaan DIvisie Jaareind Uitvoerende Komitee het Dr. Jongimpi Papu, Mnr Mxolisi Ncube en Leraar Irvine Gwatiringa verkies om te dien as die Vise-President, Menslike Hulpbron Direkteur en Jeugbedieninge Direkteur onderskeidelik. Mag God hulle seën in hulle nuwe bedieningsareas**.

**Die Noordelike Konferensie se 27ste Sake Vergadering is van 17-18 September te Sedaven gehou. Ons het ons uitgaande direkteure gesalueer, wie se harde werk en toewyding nog lank onthou sal word, en ons het die nuwe span verwelkom.**


## SWEIS UITREIK



Onderrig is ʻn waardevolle manier om mense te bereik. Lr. Nico Theunissen het ʻn kursus in sweis aangebied by Panorama Kerk vir jong (en ouer) mans wat ʻn bruikbare vaardigheid wou aanleer. Dit was ʻn baie suksesvolle dag en almal wat deelgeneem het, was baie entoesiasties om te gaan en hulle nuutverkryde kennis te gebruik en praktiese ervaring op te doen. Kerke wat belangstel om ook hierdie as ʻn uitreiking te gebruik, kan Lr. Nico kontak om ʻn kursus te bespreek by theunissenn@nc.adventist.org

# NCSA EDUCATION DEPARTMENT

## EDUCATING FOR ETERNITY





We strive to ensure that each and every one of our schools is providing the highest quality of education possible that is in harmony with the standards of the Seventh-day Adventist Church. The department values every child as a unique individual, created in the image of God with distinctive gifts, talents, and abilities.

It is our belief that the work of true education is to equip students to think and to act with breadth of mind, clearness of thought, and the courage of their convictions. With this in mind, we seek to provide opportunities for spiritual, emotional, physical, and intellectual growth of our students.



*"It is our goal to inspire a love of learning, respect for others, and the development of a Christlike character".*

# NUUS BROKKIES

## AKADEMIESE UITNEMENDHEID IS VOLOP

Hoërskool Sedaven in Heidelberg is nog steeds ons hoërskool van keuse, nie slegs holistiese voorbereiding van ons jeug nie, maar vul ook hulle plek in 'n kompeterende akademiese era. Dit kan gesien word in onlangse prestasies van twee studente.

Matrikulant en 2022 Hoofseun van die skool - Tumelo Nawa, het die President se Top Student Toekenning ontvang vir sy 7 akademiese onderskeidings, onder andere Natuurwetenskap en Wiskunde en 'n 8ste onderskeiding in Bybel.






**Tumelo se prestasielys is soos volg:**
**Beste Matriekleerling**
**Beste student in the hele skool**
**Dux leerder**
**Beste Wiskunde leerder**
**Beste CAT leerder**
**Beste Natuurwetenskap leerder**
**Beste Verbruikerstudies leerder**

*Tumelo Nawa word gelukgewens deur Sr. Sonia Maphumulo, Direkteur van Opvoedkunde NK. L na R: Dr..Mupoperi, Mnr. Silumesi en Dr Jacob Mahlungu*

'n Jong Graad 8 Leerder, Reabetswe Motsage het kop en skouers uitgestaan in die Gauteng streek deur die onlangse Provinsiale Wiskunde Olimpiade te wen.

Veels geluk aan beide hierdie jong manne, maar ook aan die trotse Skoolhoof, Mnr. Silumesi, Wiskunde onderwyser, Dr. Mupoperi en toegewyde personeel van Hoërskool Sedaven. Ons is trots op julle!



# VROUEBEDIENINGE NUUS

Deur Estelle Baker

Om vroue te bemagtig en hulle op te voed om hulle God-gegewe potensiaal te vervul, is ons missie. Ons is geroep om: Op te Reik na God (opvoeding), In te Reik met God (bemagtiging) en Uit te Reik met God (uitreiking). Verskeie van ons programme omvat hierdie missie.

### Daaglikse Vroue Godsdiensoefeninge

Daaglikse godsdiensoefeninge wat van die SID ontvang word (wat voorberei is deur verskeie Unies) word daagliks met lidmate gedeel via WhatsApp. Die WK Vrouebedieninge Departement Godsdiensoefening in teksformaat word daagliks gedeel via WhatsApp. Die tema vir die 2022 WK godsdiensoefeninge is "Beskut en Gedra". Volg hierdie skakel om by die WhatsApp groep aan te sluit en die daaglikse vroue godsdiensoefeninge te ontvang:
https://chat.whatsapp.com/GrWRTTRNsj94gAX2XMKrnV

### Twee-Weeklikse Sabbat Virtuele Gebedsdienste

Elke tweede Sabbat om 07:00 ontmoet vroue via Zoom om saam te bid en word geseën met 'n boodskap aangebied deur verskeie sprekers. Die tema was "Sal jou Anker Hou?" Hierdie jaar was verryk deur vroue soos Octavia Ephraim en Beverley Buckley-Willemse onder andere. Deelnemers was gevra om in een woord die voordele en seëninge uit te spreek wat hulle ontvang het van die zoom gebedsdienste.

### Geestesgesondheid Bewustheid– Vista Kliniek

Maandelikse Geestesgesondheid praatjies aangebied deur Vista Kliniek namens die Noordelike Konferensie was gehou via Zoom op die eerste Donderdag van elke maand. Onderwerpe van belang wat bespreek was, was: droefheid, vergifnis, om angs en depressie te verstaan, bestuur van gramskap, konflikbestuur en die stigma rakende geestesgesondheid. Alhoewel hierdie sessies nie opgeneem was nie, kan toegang tot die aanbieding verkry word via die Vrouebedieninge webtuiste.
https://women.ncadventist.org/mental-health-topics/

### Gebedsontbyt

Op 13 November 2022 het Heidelberg Central Kerk se Vrouebedining 'n Gebedsontbyt vir vroue van alle ouderdomme aangebied. 'n Oggend van gebed, geestelikke verryking en 'n heerlike onbyt is deur 42 vroue geniet. Bespreekpunte met die jonger vroue is deur gassprekers, Sonto Sithole en Melissa Moyo aangebied.

**Kontak ons:**
women@nc.adventist.org | 073 471 4143
https://women.ncadventist.org



*Die Florida CBD Kerk het vroue vereer wat die Vrouebedieninge Leierskap opleidings in 2022 voltooi het.*

### Vroue Leierskap Opleidingsprogram– 2023

Die Ontwikkeling en aankweking van die vermoëns van vroue is 'n belangrike taak van die Vrouebedieninge Departement. Die vier-vlak Leierskap Sertifiseringsprogram het ontstaan omdat ons die groot behoefte besef het vir vroue van ons kerk om vaardighede te ontwikkel wat hulle in staat sal stel om in posisies van leierskap te dien. Die 2023 opleidingsiklus sal op Sondag, 12 Februarie, begin met die Vlak 1 opleiding. Alle opleiding in 2023 sal via Zoom plaasvind.

Wees gegroet, dogters van God! Ek is 'n enkel ma met tweeling seuns, nou 31 jaar oud. Ons gesin het egter gegroei, aangesien beide seuns getroud is. 'n Bykomende seën in my lewe is twee kleinkinders. Daagliks word ek herinner aan God se seëninge in ons lewens – die gawe van kinders en kleinkinders, ek streef daarna om elke dag te laat geld. Ons volwasse kinders het ons nou net so nodig as voorheen. Laat ons aan hulle verbind bly.

Wat 'n opwindende geleentheid om die werk wat deur die Vroue Bedieninge Departement van die Noordelike Konferensie gedoen word ten toon te stel. Laat weet ons as jy 'n bydrae wil lewer, en wil deel oor die werk wat in jou gemeente gedoen word. Dankie, seëninge en liefde van hierdie kant af.
**Estelle**



# VROUEBEDIENINGE NUUS

## JAARLIKSE AFSONDERING VIR VROUE

""Herstel! Hernu! Herleef!" was die tema vir hierdie jaar se jaarlikse Afsondering. Die Afsondering was deur 96 vroue bygewoon wat vir die naweek aangesluit het en sommige slegs op Sabbat. 'n Baie spesiale woord van dank aan die Filadelfia vroue vir hulle bywoning. Hulle kerk het die meeste bywoners by die Afsondering gehad.



**Terugvoering Van Sommige Van Die Bywoners Van Die Afsondering:**

"Die sprekers het waarlik tot my hart gespreek en my gedwing om 'n bietjie selfondersoek te doen. Ek het besef dat niemand volmaak is nie en dat ons almal op een of ander manier gewond of gebroke is, nogtans kan God nog steeds gebreekte kruike gebruik om groot werk vir Hom te doen. Dit het my geïnspireer om meer tyd met Bybelstudie deur te bring ten einde die karakter van God beter te ken, sodat ek nie my verkeerde idees van God met my kinders of andere sal deel nie. Ek wil vir God werk en ek wil gereed wees om my Verlosser te ontmoet wanneer Hy kom om Sy kinders te kom haal."

"Geestelike verheffing. Baie nuttig en insiggewend maar 'n bietjie oorlaai met inligting. Groot verskeidenheid van onderwerpe en goeie sprekers. Oor die algemeen 'n goeie geleentheid."

""So baie onskatbare boodskappe maar skaars tyd om daaroor na te dink en dit my eie te maak ... die belangrikste ding wat ek egter hieruit gekry het, was KONNEKSIE eerder as PLEK. Ook om nie te oordeel nie, omdat ons almal letsels het maar om eerder te vra waar kan ek onderskep en 'n verskil maak. Gesonde lewenstyl, geestesgesondheid en om mekaar te leer ken."

"Ek het beslis herlewing ondervind en ek glo herstel is in vooruitgang. Die afsondering het my laat besef dat ek slegs 'n mens is wat sondig van natuur is en ek kan nie voortgaan om myself te veroordeel nie. Ek het geleer dat ek babatreetjies moet neem in plaas daarvan om 'n reusesprong te gee in my geloof. Die sprekers was wonderlik en het my 'n gevoel van behoort gegee."

"Die aanbieding oor "wat in jou gebeur, gaan oor wat met jou gebeur het" was die beste."





# MEALS ON WHEELS NUUS




## MOWCS N3TC FIETSRY RESIES

Lr. Ian Grobler

Die jaarlikse MOWCS fietsresies het op 16 Oktober 2022 plaasgevind en was 'n groot sukses. Covid het hierdie resies grootliks beïnvloed, maar die terugkoms was sterker as in 2021. Hierdie jaar was die getalle aangeteken 373 ryers wat die 90 Km en 145 wat die 40 Km afstande gedoen het.

*Ons is so dankbaar vir die bystand van die Sedaven Landgoed span wat hierdie dag moontlik gemaak het. (ONDER)*




Ons dankbaarheid word uitgespreek teenoor die organiseerders, **Spectrum Sport en sy eienaar Louis Harmse,** sowel as die **N3TC borgskap en sy Bedryfsbestuurderes, Thania Dhoogra** wat 'n passie het vir die werk wat Mobiele Etes NKSA en sy affiliate doen. Organisasies wat baat by hierdie program sluit Heidelberg Mobiele Etes, Vereeniging Dienssentrum en 'n voedingsprojek in Vanderbijlpark in. Die Area kantoor is dankbaar vir Spectrum Sport vir 'n administrasie donasie uit die opbrengs.

### Ons het jou Nodig

Maaltye word aan senior burgers, kinders en die armste van die armes afgelewer. Hulle bedien satellietpunte, huise en soortgelyke organiasies wat hulle ondersteuning nodig het. Die meerderheid by verre van diegene wat dienste voorsien, is vrywilligers, sommige sonder enige vergoeding, en ander wat 'n klein besoldiging ontvang as 'n teken van waardering vir die bydrae wat hulle tot hierdie bediening maak. Hulle betrokkenheid is die voorbereiding en kook van maaltye wat aan die hongeres in ons gemeenskappe versprei word.

By die Mobiele Etes Dienssentrums, word aktiwiteite ook gereël om te help met die promovering van 'n aktiewe en kwaliteit lewe vir ons senior burgers. Ons maak 'n impak en jou ondersteuning sal help met die voortsetting om die lewe 'n beter plek te maak vir diegene wat regtig IEMAND nodig het om OM TE GEE.

## HOE KAN EK HELP?

'n Gesubsideerde maaltyd kos nog steeds ongeveer R 30.00 om voor te berei en af te lewer. Jy is welkom om enige van die volgende prosesse te gebruik om te help om 'n maaltyd of meer te borg.

U kan ons direk kontak by 071 711 0195.

U kan ook die woord MEAL30 SMS na 42030 vir dieselfde bedrag.



# KINDERBEDIENING NUUS

## BEREIK 'N KIND- BEREIK DIE WÊRELD

**Deur Estelle Baker**

Die missie van die Adventiste Kinder Bedieninge Departement is om kinders te koester in 'n liefdevolle en dienende verhouding met Jesus.

### "MY TYD MET JESUS" – OORDENKINGS VIR KINDERS

"My tyd met Jesus" is 'n reeks oordenkings vir kinders wat deur Maria Lopes, Lara Figueiredo en Sérgio Macedo geskryf is. Hierdie 3 – 4-minute oordenkings is 'n uitstekende bron van geestelike voeding vir kinders tussen die ouderdomme van 2 – 12 jaar. Die oordenkings word twee keer 'n week in die vorm van video grepe via sosiale media in Engels en Afrikaans gedeel.

### "52 WAYS TO PARENT HAPPY CHILDREN" DEUR KAREN HOLFORD

Geluk is die pols van ons emosionele, fisiese en geestelike welstand. Dit help om positiewe verhoudings en noodsaaklike karakter sterktepunte te bou. Hierdie hulpbron deel idees om ouers te help om kinders op te voed in maniere wat hulle geluk nou sal verryk, en ook die fondasies neer te lê vir 'n gelukkiger toekoms. Brokkies van hierdie hulpbron word weekliks in die Kinder Sabbatskool/Gracelink nuusbrief gedeel vir ons ouers en kerkleiers se onthalwe.

### VACATION BIBLE EXPERIENCE (VBX) – 2022

This year 27 churches participated in the VBX programme. Various themes were followed, and many community children were reached with the message of God's love and grace.

### VAKANSIE BYBELSKOOL (VBX) – 2022

Hierdie jaar het 27 kerke in die Vakansie Bybelskool (VBX) program deelgeneem. Verskeie temas is aangebied, en die boodskap van God se liefde en genade het baie kinders bereik.



### VAKANSIE BYBELSKOOL (VBX) – 2022

Hierdie jaar het 27 kerke in die Vakansie Bybelskool (VBX) program deelgeneem. Verskeie temas is aangebied, en die boodskap van God se liefde en genade het baie kinders bereik.

### LEIERSKAP SERTIFISERING OPLEIDING – 2023

Om kinder bedieninge in die tuis gemeente te koördineer verg veel meer as passie en liefde vir kinders. Hulle moet weet hoe om programme te organiseer, kinders leer, koester en aan hulle behoeftes voorsien. Die 2023 opleiding siklus sal op Sondag, 5 Februarie 2023 met die Vlak 1 opleiding begin. Alle 2023 opleidings sal via Zoom geskied.

Wil jy enige van die bogenoemde hulpbronne ontvang? Gebruik die skakel hieronder om by die Noordelike Konferensie Adventiste Kinderbediening WhatsApp groepie in te skakel:
https://chat.whatsapp.com/Gq0SEhqSp9U2cQXzrHBvKw
Email: children@nc.adventist.org
Mobile numbers: Estelle Baker – 073 471 4143 | Beth Josephs – 082 562 0636

**Laat weet ons as daar meer effektiewe maniere is om ons kinders te bereik en ons kerk leiers en ouers van die Noordelike Konferensie te bemagtig. Ons hoop om binnekort van jou te hoor!!**



# SIELE DEUR BOEKE

## LEESSTOFEVANGELISASIE

### Deur LE Elijah Maanzo

Die huidige span van die Noordelike Konferensie Uitgewersdepartement leierskap bestaan uit die Konferensie Uitgewersdirekteur, twee Assistent-Uitgewersdirekteure en vyf Assistent-Uitgewersleiers wat 'n bevolking dek van ongeveer dertigmiljoen mense. Daar is 39 Voltydse Leesstofevangeliste (LE's) en die huidige 152 geregistreerde LE's. Elf van die voltydse LE's het NKSA Geloofsbriewe of Lisensies. Die doel van die uitgewersdepartement is om die aantal voltydse gekwalifiseerde LE's te verhoog na vyftig in die volgende drie jaar. 'n Gekwalifiseerde voltydse LE ontmoet 'n gemiddeld van ses-en-dertig mense op 'n dag, wat dit 'n totaal van meer as 10,000 mense in 'n jaar maak. Hierdie onverskrokke diensknegte van God neem deel in selfonderhoudende bediening wie se hoofdoel is om elke persoon in die gebied waarin ons leef te bereik met die boodskap dat Jesus weer gaan kom. Die leuse van elke leesstofevangelis is, "Ek sal gaan." Die LE bediening bestaan daaruit om saam met mense te bid, bybelstudies, mense inskryf vir SVP en die deel van boodskappe van hoop met elkeen na wie God hulle stuur.

### LE's word dikwels deur engele gelei

Die ondervindings wat Leesstofevangeliste in die veld ervaar, leer hulle om ten volle op God te vertrou. Leesstofevangeliste is bekend met die rol van engele in die sukses van hulle werk. Engele het LE's na huise gelei en dikwels vir hulle die woorde gegee om aan mense te sê soos wat aan Filippus gegee was. God gee hulle tekens van genade wat aan hulle bevestig dat dit Hy is wat hulle geroep het na Sy wingerd om Sy werk te doen. God gee Leesstofevangeliste baie geleenthede om mense te bereik wat andersins nie bereik kan word nie.

### Om te gaan wanneer dit nie ekonomiese sin maak nie.

Onlangs het LE Tafadzwa Mbwende, wie in Pretoria woon, 'n dringende oproep ontvang om 'n boek in Soweto af te lewer wat na 'n ander land gestuur sou word. Die boek was klein en uit 'n besigheidsoogpunt kon dit as onwys gesien word om dit te neem, die wins sou nie genoeg wees om sy uitgawe te dek om die boek af te lewer nie. Dit gebeur egter dikwels in LE werk dat wanneer plig roep, selfopoffering en selfverloëning die weg lei om 'n besluit te maak in belang van die verlossing van siele. LE Tafadzwa het sonder versuim vertrek. By sy aankoms, het die kliënt onmiddellik besluit om 'n groter boek te koop wat sy uitgawes gedek het. Hierdie soort ondervindings kom dikwels voor in LE werk. As LE's word ons gedurig herinner dat God 'n duisend maniere het om in ons behoeftes te voorsien. LE Tafadzwa moedig ander LE's aan om opofferings te maak ter wille van die verlossing van siele.

"

ENGELE LEI LE'S NA HUISE EN GEE VIR HUL WOORDE

"

### Die Honger na God

'n Ander Leesstofevangelis, LE Marvelous Mposhi het 'n dame by haar werkplek besoek. LE Me. Mposhi het aan haar 'n vroue dagboek verkoop. Na die verkope het sy gestuienisse met haar gedeel oor wat God in haar lewe in die bediening doen. Die dame was aangeraak deur te leer dat God nog steeds besig is in ons dag-tot-dag werklike lewensituasies. Die Lewe van 'n LE is veronderstel om 'n preek te wees. Die karakter van 'n LE is 'n brief dat deur elke kliënt wat die LE ontmoet, gelees word. Die kliënt was so beïndruk dat sy haarself uitgenooi het om LE Mposhi se kerk te besoek nadat sy uitgevind het dat sy 'n Sewendedag-Adventis is. Planne word gemaak om die kliënt kerktoe te neem. Die kliënt is dankbaar dat God 'n persoon, LE Mpshi na haar werksplek gestuur het.

Vervolg op vlg. bl./

## Die Evangelie moet na alle nasies geneem word

Die rol van leesstofevangeliste is om meer prominent te word in die evangeliebediening soos wat ons die einde van die wêreld nader. 'En tot 'n groot mate, deur ons uitgewerye moet die werk van die ander engel wat uit die hemel neergedaal het met groot krag en wat die aarde met sy heerlikheid verlig het, gedoen word.' --Testimonies, vol 7, ble. 39, 140. Volgens Matthéüs 24:14, sal die einde van die wêreld nie kom voordat die evangelie aan alle nasies verkondig is as 'n getuienis nie. Daar is sekere mense wat op geen ander manier bereik kan word as deur die stille boodskapper nie – 'n boek. Daarom is dus die stille boodskapper en die lewende prediker nodig vir die sukses van die evangeliebediening. "Die belangrikheid van hierdie werk is net so belangrik as die van die bediening. Die lewende prediker en die stille boodskapper is beide nodig om die groot werk voor ons klaar te maak." --RH, 1 April 1880.

Wanneer 'n LE ookal 'n boek aan 'n gesin verkoop, het 'n stille boodskapper daardie selfde dag daardie huis binnegegaan en enigeen wat in daardie huis ingaan deur geboorte of as getuie, kom in die teenwoordigheid van waarheid. 'n Ou persoon sterf as iemand wat die getuienis ontvang het en 'n nuutgebore arriveer om die stille getuienis te vind. Op hierdie manier word huise bereik en baie mense sal Jesus aanvaar en gered word gedurende die luide geroep (finale oproep vir verlossing). Die engele vat hande saam met Leesstofevangeliste om boeke te verprei soos herfsblare.

## In baie huise oral oor die wêreld – Sal jy nie aansluit nie?

Dit is deur die uitgewersbediening dat die evangelie tot 'n groot mate aan alle nasies, tale, en volke verkondig sal word (Openbaring 14: 6). Hoe groot is 'n groter mate? In baie huise in alle dele van die wêreld het leesstofevangeliste boeke aan gesinne verkoop. Hierdie stille boodskappers doen hulle aangewese werk. "Die werwingswerk is baie belangriker as wat baie dit gesien het, en net soveel sorg en wysheid moet gebruik word in die keuse van die werkers as in die keuse van manne vir die bediening." TM, vol. 5, ble. 405, 406. (1885) "Ongeërgde toeskouers mag dalk nie u werk waardeer of dit as belangrik sien nie. Hulle mag dink dat dit 'n verlore saak is, 'n lewe van ondankbare arbeid en selfopoffering. Die dienskneg van Jesus sien dit egter in die lig wat vanaf die kruis uitstraal." {CM 14.2}. Ons oproep is vir baie meer kerklidmate, oud en jonk om hierdie soort werk te doen en boeke te verkoop aan hulle gesinslede, bure, werkskollegas en aan elkeen wat God op hulle pad sal stuur.

Die uitgewersdepartement van die Noordelike Konferensie sien uit na meer arbeiders wat opgelei kan word om as Leesstofevangeliste te werk. Jy word uitgenooi om by hierdie bediening aan te sluit.

> GOD WAG VIR JOU OM BY DIE BOEKWEERMAG AAN TE SLUIT.
> KOM VANDAG SAAM!

**Elijah Maanzo is 'n beroeps Leesstofevangelis en is tans in die Noordelike Konferensie as Direkteur van Uitgewersbedieninge werksaam: "Ek hou daarvan om boeke te verkoop wat hoop en redding bring. Ek luister graag en met groot vreugde na die talle verslae oor boeke wat aan mense verkoop is en die wonderwerke wat dit in hul lewens te wee gebring het. Baie mense het al nadat hul hierdie waarheidsgebaseerde boeke gelees het, hul harte vir die Here gegee. Dit bring vir my groot vreugde en bevrediging. Aan God al die eer!"**



# VERSORGING VAN DIE HERDERS



## MINISTERIËLE VERENIGING

**Deur Lr. Leslie Thyssen**


As 'n kerk het ons die moeilikste en uitdagendste tye van hierdie wêreld se geskiedenis binngegegaan. Dit is egter ook opwindende tye. Daagliks ervaar en sien ons hoe ons groot en wonderlike God nog steeds in beheer is van die wêreldgebeure en die sake van die kerk.
Die Ministeriële Vereniging van die Noordelike Konferensie van dieSewendedag-Adventistekerk is verbind om Jesus Christus en die kerk in Suid-Afrika te dien deur die predikante, predikante se gesinne, Plaaslike Kerkleiers, administrateurs, departementele direkteure en ministeriële vereniging sekretarisse te bedien.

In die verskillende areas van die Vereniging se verantwoordelikhede, sal die bediening aan en ondersteuning van die pastorale gesinne altyd 'n prioriteit wees. Sterk klem word geplaas op die geestelike welstand van die predikant en sy gesin. Die vereniging het gesinsuitstappies gehad en jaar-eind funksies op 'n streeksvlak. Dit borg ook R2 000 vir 'n naweek weg per pastorale gesin.

Die Vereniging voorsien vir professionele groei van die predikant. Wanneer dit kom by ondersteuning en verryking van predikante, oortref die NK Ministeriële Vereniging enige ander Konferensie in die SAU. Ons is die enigste Konferensie wat die 2-jaar internskapprogram aanbied. Ons het 34 predikant finansieel ondersteun tussen 2016 en 2022 om hulle voorgraadse en nagraadse studies te voltooi.

Vyf-en-twintig predikante as bygestaan om die SDA Gold Logos packet te verkry om hulle persoonlike Bybelstudie, navorsing en preekvoorbereiding te verbeter.
Die Vereniging het die moraal van die predikante opgehef deur aangename spanbou en werkersvergaderings. Ons het sopas een gehad by Mpati boskamp in Dundee met oorsese sprekers wat inligting wat betrekking het op ons tye, gedeel het.
Die NK Ministeriële Vereniging is ook die enigste vereniging wat pastorale eggenotes finansieel ondersteun met verrykingstudies waar eggenotes kursusse kan volg wat hulle sal help om hulle mans beter in die bediening te ondersteun.
Nog 'n hoogtepunt wat vreugde en waardering vir ons afgetredenes en pastorale eggenote bring, is die jaarlikse toelaag wat hulle ontvang.
Behalwe baie wonderlike dinge wat in ons Ministeriële Vereniging gebeur, is ons ook hartseer oor die skielike afsterwe van twee van ons geliefde kollegas, Leraar German Hlanze en Leraar Sandile Khumalo in die laaste drie jaar.
Mag God aanhou om ons Konferensie te seen en te lei en mag ons predikante en hulle gesinne aanhou om 'n magtige weermag te wees om mee rekening te hou terwyl hulle hulle Aanvoerder, Jesus Christus, volg.

**Lr. Leslie is 'n geliefde senior predikant, wat die kerk in verskillende kapasiteite oor die jare gedien het. Hy het die Konferensie onlangs gedien as die Ministeriële Sekretaris en gaan in 2023 'n distrik bedien. Sy passie is gesins- en paartjiebedieninge, en evangelisasie.**
**Lr Dave Spencer vul huidig die posisie in die Ministeriële Vereeniging en Opleiding**




**Werkersvergadering: Lrs. Marchant Louw, Johnny De Almeida, Hendrik de Winnaar en Gabriël Oberholzer**

# OP MY BOEKRAK

## BOEKRESENSIE

### Deur Lr. Gabriël Oberholzer

Smith, C., Phillips, R. and Sanna, E. (2011) **Women of the Bible: A visual guide to their lives, loves, and legacy.** Uhrichsville, OH: Barbour Publishing.




Vroue van die Bybel: 'n Gids tot hul lewens, liefdes en nalatenskap, handel oor die lewens van vroue in Bybelse tye. Alhoewel die Bybel 'n geskiedenis en sosiale sisteem dek wat oorwegend patriargaal was, is die vroue daarin nie maar net langs die kantlyn gelaat nie. Hulle is dikwels teenwoordig en is soms selfs die hoofkarakters. Hulle betekenisvolle lewens en dade – positief en negatief – bly relevant vir lesers in die 21ste eeu. Hierdie boek is 'n waardevolle hulpbron om vroue se rolle, werk, daaglikse ervarings en hulle interaksies met mans te verstaan. Die Bybel is nie noodwendig geskryf om al hierdie aspekte te verduidelik nie, en daarom het ons 'n behoefte om hierdie leemtes aan te vul. Dit is veral relevant om sommige van die vreemde, verwarrende of misverstaande gedeeltes wat 'n Bybelleser mag teëkom, te verstaan. 'n Hulpbron soos hierdie oorbrug dus die gapings in tyd, geografie, kultuur en taal wat tussen vroue in die Bybelse tyd en ons hedendaagse vroue bestaan.

Daar is vier hoofafdelings in die boek, naamlik: Vroue in Bybeltye; Daaglikse ervarings; Vroue se rolle en werk; en Bybelvroue en hul interaksies met mans. Elke afdeling dek sy onderwerp in groot besonderheid en sluit verwysings na relevante verhale in die Bybel in. Die boek het ook verwysingslyste van die vroue in die Bybel met basiese inligting soos die betekenis van name, biografiese inligting en skrifverwysings wat vinnig nageslaan kan word. Dit beskik ook oor 'n uitgebreide indeks van teksverwysings en eiename.
Die waarde van die boek lê in sy omvattende bespreking van die verskillende onderwerpe. Dit slaag daarin om elke aspek van die lewe te ontleed in die konteks van hul tyd, kultuur en godsdiens. Dit verbind ook spesifieke onderwerpe met die ooreenstemmende Bybelverhale. Tegniese terme word tot die minimum beperk, en die taal is eenvoudig genoeg vir tweede of derde taal lesers. Verder is die kleurvolle kuns en foto's pragtig.

Ons gebruik die boek gereeld tydens ons Bybelstudie vir vroue wat elke Dinsdagoggend by Vereenigingkerk bymekaarkom. Om al hierdie redes sal ek dié boek aanbeveel vir almal wat belangstel om 'n dieper insig in die vroue van die Bybel, en hulle lewens te kry

**Lr. Gabriël bedien tans in die Vaaldriehoek. Hy het 'n passie vir die Griekse palaeografie en papirologie van die Nuwe Testament. Hy is 'n navorsingslid van ITSEE (Birmingham) en 'n bydraer vir die Internasionale Griekse NT Projek (Münster). Hy is getroud met Lenné. In sy vrye tyd speel hy klavier, en bordspeletjies met vriende.**



# DIE SABBAT EN EK

## "O DAG VAN RUS EN BLYDSKAP"

**Deur Lr. Peter Webster**

SABBAT, 'n woord wat nie veel betekenis vir my gehad het tydens my grootword jare nie. Later het dit 'n dag geword wat soveel betekenis in my lewe het. Dit het my manier geword om dié God wat my so liefhet, te aanbid.

### My Agtergrond

Om in die strate van Toekomsrus groot te word, was 'n wonderlike ervaring. Ek onthou hoe jy op Sondagoggende die grassnyers kon hoor en die vars gesnyde gras kon ruik en die klank van kerkklokke wat jou vroeg wakker maak. My Pa het gewoonlik in ons kamer gekom en gevra: "Gaan julle julself nie gereed kry vir kerk nie?" Dan het ek, as gehoorsame seun, opgestaan, gaan bad en aangetrek vir kerk. Toe het ek nog nie die geringste idee gehad van die Sabbat en die invloed wat dit op my lewe sou hê nie. Ek het glad nie geweet hoe om die Sabbat te eer en te heilig nie.

Later in my lewe, naby my sestiende verjaardag, het my oom 'n keerpunt in sy lewe bereik en teruggetrek na Toekomsrus, sy tuisdorp. Dit was tydens hierdie lewensveranderende tyd in my oom se lewe dat die Here in en deur hom gewerk het. Hy het iemand ontmoet wat saam met hom Bybelstudie gedoen het en deur die poging van daardie broer in Christus, het my oom die Here as sy persoonlike Verlosser aangeneem. Later het hy die Here ook in die openbaar aangeneem deur die doop en sodoende 'n lidmaat van die Sewendedag Adventistekerk in Toekomsrus geword.

Met hierdie nuutgevonde energie en toewyding aan Christus het my oom na ons huis gekom om met ons Bybelstudie te doen. Aan die begin was ek nie baie gretig nie, maar later het my nuuskierigheid die oorhand gekry. Toe ek eers die Woord van God begin studeer het wou ek meer en meer weet. Deur die Bybel te bestudeer is ek op die ouderdom van 18 jaar oortuig en het ek die Here as my persoonlike Verlosser aangeneem en die Sabbat begin onderhou, en dit heilig gehou.

Dit was 'n wonderlike besluit om die Here te kies, maar dit het nie sonder uitdagings gekom nie.

Dit was moeilik om die enigste Adventis in ons huis te wees en om my eie identiteit as 'n nuutgedoopte Christen te behou. Wanneer dit tyd was om Sabbat te open, het ek na my kamer gegaan en sommige van die boeke van Ellen White gelees. Die boek wat 'n onuitwisbare indruk op my gemaak het was "Messages to Young People". Die volgende aanhaling was een van die aanhalings wat my persoonlike verhouding met my Verlosser bly vorm en bou het, wetende dat ek deur elke keuse wat ek maak besig is om my eie toekoms te vorm: "Onthou liewe jong vriende dat elke dag, elke uur, elke oomblik julle die web van julle eie toekoms weef." (Messages to Young People, bladsy 212, paragraaf 2).

Ek het elke Sabbat die Toekomsrus SDA-kerk bygewoon en die hele dag daar tussen medebroers en -susters, wat later my kerkfamilie geword het, bestee. Ons het middagete saam geniet en daarna sendingwerk in die gemeenskap gedoen. Ons het boeke uitgedeel, saam met mense gebid en huisbesoek gedoen.

Vervolg op vlg. bl./



'n Jong Peter en Leonard Webster

# SABBAT EN EK (VERVOLG)

Een van die beste ervarings vir my was hoe ons die Sabbat gesluit het met die sing van die bekende lied: "Die dag, o Heer, wat U gegee het." Hoewel ek die pragtige sang geniet het, was ek ook hartseer dat die einde van die Sabbat aangebreek het.

God het my op baie maniere gewys wat 'n seën die Sabbat is en om dit heilig te hou het 'n leefstyl geword. In 'n sin verander die heiliging van die Sabbat ons houding, en ons verhoudings met Hom en ander help ons groei.

Later in my lewe het ek die roeping van die Heilige Gees in my hart gevoel en die Here gehoorsaam om 'n Teologiese graadstudie te volg aan Helderberg-Kollege vir Hoër Onderwys. Ek het toe as student by Helderberg-Kollege geregistreer.

### Onderhouding van die Sabbat as 'n Student

Hier het ek 'n nuwe fase van my lewe betree. Omdat ek ver weg was van my gesin, my familie, my kerkfamilie en vriende het dit my die geleentheid gebied om op my eie twee voete te staan. My geloof is hier versterk deur my voortgesette verhoudingsbou met God. Die Administrasiegebou by Helderberg was altyd vir my die fassinerendste. Hier het ek foto's gesien van hulle wat voor my hier was wat ook die roeping van God aanvaar en vereer het. Daar het ek die name van leraars gesien met wie ek my later sou assosieer as kollegas en mede-bedienaars van die evangelie. Sommige van die bekende name vir my op daardie stadium was dié van Edward Baron, Lincoln De Waal, Sheldon Oliphant en Denzel Fourie. Godvresende mense soos hulle het vir my 'n voorbeeld gestel en ek het geweet dat God ook vir my deur hierdie reis wat ek begin het, sal dra.

Die 'All Nations Campus Church', 'n studente-gemeente waar studente en lektore grotendeels die leiding neem het my nuwe kerktuiste geword. As 'n student aan 'n Adventiste Kollege was die Sabbat iets om te beleef. Om saam met mede-studente, lektore en personeel te aanbid en mekaar te bemoedig, was van die wonderlikste ervarings wat ek altyd sal koester. Dit was hier waar ek herinner is aan Daniël wat in 'n vreemde land was en wat sy geloof voor almal moes uitleef. Ek het die voorreg gehad om my geloof, soos Daniël, openlik uit te leef, sonder om te weet wat môre of selfs die dag daarna sou gebeur, en maar net te vertrou dat God sou onderhou en voorsien.

Sabbatte was altyd my besigste tyd op kampus. Om te dien as inwonende assistent en later assistent-koshuisvader het beteken dat jy 'n voorbeeld moes wees vir die hoërskoolstudente in die koshuis. Die beste deel van die Sabbat by Helderberg Kollege was die programme weg van die kampus af, soos byvoorbeeld wanneer ons die plaaslike gemeentes besoek het en programme aangebied het. Die hoogtepunt was Sabbatsluiting tussen die wonders van God se skepping – op die berg, of op die strand. Daar het ek naby aan God, die Skepper van die heelal, gevoel en Sy handewerk bewonder en my verstom oor Sy goedheid en genade aan 'n sondaar soos ek. Daar leer 'n mens om die seën van God se skepping te waardeer en word herinner dat die Sabbat vir die mens gemaak is en nie die mens vir die Sabbat nie.

Verbasende vriendskappe en verhoudings is gevorm gedurende my verblyf by die Kollege waarvan sommige vandag nog waardeer en gekoester word – verhoudings en vriendskappe wat nie gevorm sou word as ek nie die besluit geneem het om Jesus te volg nie.

Vervolg op vlg. bl./

**Van L na R: André Erasmus, Wayne Classen, Frank Mdlalose, Peter Webster & Randolf Ruiters. Ons was besig om materiaal by die Hottentots-Holland Hospitaal in Somerset-Wes te versprei. Dit was ons sendingprojek vir ons finale studiejaar.**



# SABBAT EN EK (VERVOLG)

**Onderhouding van die Sabbat as Gesin**

As enigste Adventis in my gesin, is ek getroud met my vrou wat deel is van 'n familie van Adventiste. As 'n gebore Adventis was sy geseënd om die Sabbat van kleinsaf te onderhou, en nou kon ons as gesin verder saam die Sabbat heilig hou. Tydens hierdie nuwe fase het ek 'n vennoot en 'n familie bygekry wat die skoonheid van die Sabbat ten volle vier – van Sabbatopening met sang en Sabbatskoollesbesprekings, tot met Sabbatsluiting se bemoediging vir die nuwe week. Sabbat was nou 'n hoogtepunt om tyd met die gesin te bestee, lekker saam te lag (en heerlike middagetes saam te geniet), om saam met die familie te wees en mekaar te bemoedig, programme by te woon, vriende te besoek en om tyd in die natuur te bestee waar ons God se verbasende liefde teenoor ons kon oorpeins.

Met Covid was dit moeilik om bymekaar te kom, maar ons as familie het met Zoom-sessies begin om Sabbat saam te open en te sluit en mekaar te bemoedig al was ons nie bymekaar nie. Daardie sessies het ons nader aan mekaar gebring want ons het mekaar in gebed opgedra, ingetree vir ander en ons kon nog die Woord van God met mekaar deel. Ons het selfs ons eie sangdiens met Zoom gedoen. Al het dit nie altyd gewerk nie, was dit tot groot seën vir ons.

Om te vorder van die enigste Adventis in die familie wat die Sabbat onderhou, na Kollege waar jy omring is deur mede-Adventiste, tot om deel te wees van 'n familie van Adventiste, het tot gevolg gehad dat die Sabbat meer as net nog 'n dag was. Dit het deel van my geword. Om die seëninge van die Sabbat te geniet en om as leraar mede-gelowiges te bemoedig, het 'n leefwyse geword. Die Tien Gebooie wat God gegee het was bedoel om ons verhouding met Hom te beskerm, maar soms onderhou ons nie die Sabbat op 'n wyse wat in harmonie met God is nie.

Sabbat is meer as 'n dag. Dit is 'n houding, 'n terugkeer na die begin, om jou werk te staak, maar nie werk soos om goed doen aan ander en om God en Sy liefde met ander te deel en Hom toegewyd te aanbid nie.

**"Kom, gedenk die Sabbat,
geheilig deur die Heer,
van heel die week die skoonste –
die kroon van skeppingseer.
Dit bring ons rus van arbeid,
en vreugde van die Heer;
Sy reine hemelvrede
skyn lieflik op ons neer."**

**"Die dag van rus en blydskap,
die dag van vreugd en lig!
'n balsem vir ons droefheid,
so skoon sy vergesig!
Die prinse en die herders
buig saam aanbiddend neer;
Sing: 'Heilig, heilig, heilig,
o Allerhoogste Heer!'"**

.

Die Sabbat – eers onbekend. Toe is die saadjie geplant en dit het gegroei. Nou is dit geliefd, vereer en word dit geheilig. Van wakker gemaak te word en aangesê te word om kerk toe te gaan, tot die opgewonde verwagting en verlange van die een Sabbat tot die ander, is wat God in my lewe gedoen het.

Die Bybel leer ons in Deutoronium 5:12-14: "Onderhou die Sabbatdag, dat jy dit heilig soos die HERE jou God jou beveel het. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van die HERE jou God; dan mag jy géén werk doen nie – jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy." Vervolg op vlg. bl /



**Die jong Peter Webster, Meyer Swartz, Oscar Khano, Ashley Brown & André Pretorius. Tydens huisbesoeke in Toekomsrus.**

# SABBAT EN EK (VERVOLG)

Ellen White skryf in "Christ and the Sabbath" (bladsy 22, paragraaf 2):
"Ons sal onsself verheug in die Here op die dag van die Here. Dit maak van die Sabbat iets heerlik. Met elke tree van die weg, wanneer dit behoorlik begryp word, is die Sabbat 'n voorstelling van Christus en Sy werk vir ons. Op elke punt is dit Christus en Sy mag; is dit die skeppende krag wat beloof is vir ons verlossing. Dit is die teken van Christus om te seën, om rus te skenk en te heilig. Dit is die teken van Christus, die verlustiging van die siel; dit is die teken van Christus, die Heilige. Dit is die teken van Christus wat ons moet eer. Op elke punt stel die Sabbat Christus voor as Skepper, as Verlosser, as Redder. Soos wat ons die Seun moet eer nes ons die Vader eer, is dit onmoontlik om Christus te eer wanneer ons bewustelik Sy dag onteer. Om daardie rede kan geen mens Jesus Christus so verhoog as die mens wat Hom vereer deur die dag te onderhou wat Hy geseën en geheilig het nie. Daarom is daar geen manier waarop ons Jesus Christus van begin tot einde kan verhoog as Skepper, as Verlosser en as Redder, as ons bewustelik en moedswillig die sewende dag, die dag wat Hy geseën en geheilig het, vertrap nie." (Vry vertaal).

## IDEUR DIE SABBAT TE EER EN DIT HEILIG TE HOU, GEE ONS AAN CHRISTUS DIE REGMATIGE PLEK IN ONS LEWENS AS ONS VERSTOMMENDE SKEPPER, ONS LIEFDEVOLLE VERLOSSER EN ONS GETROUE REDDER.

## MAG DIE SEËNINGE VAN DIE SABBAT, EN DIE SEËN OM DIT HEILIG TE HOU, VAN GOD SE TROON VLOEI SOOS ONS VAN DAG TOT DAG VIR HOM LEEF.

**Lr. Peter is twaalf jaar gelede met die pragtige Nadia getroud. Hy dien in die Noordelike Konferensie van Suid-Afrika as leraar van die Toekomsrus, Mohlakeng, New Life enRust-Ter-Vaal gemeentes as toegewyde werker in God se wingerd. Hy studeer tans vir 'n Honneursgraad in Teologie.**



# KEMPTONPARK SDA

## 50 JAAR HERDENKINGSDIENS




**Deur Lr. Bertie de Nysschen**

**Sabbat, 29 Oktober 2022, was 'n groot dag in die geskiedenis van die Kemptonpark-gemeente. Dit was die 50ste herdenking van hierdie gemeente op die Oos-Rand en die kerk was amper weer so vol soos in die 'ou dae'.**

Uit die aard van die saak het die veranderings wat oor die jare in die gebied plaasgevind het, soos die sluiting van twee van die Krygkorgroep se fabrieke – Atlas Vliegtuigkorporasie en Eloptro – vir alle praktiese doeleindes ook 'n impak op die Kemptonpark-gemeente, wat 'n Afrikaanssprekende gemeente is, gehad. Daar was ook groot veranderinge by wat bekend gestaan het as Jan Smuts-lughawe (nou O.R. Tambo-lughawe) waar heelwat van die destydse lidmate werksaam was. Hierdie veranderings het ook 'n impak op die gemeente gehad. Dan was daar ook nog die destydse industriële gebied, Isando, waar baie maatskappye se hoofkantore was en wat werk aan vele lidmate van die gemeente verskaf het.

Maar al hierdie dinge was 'n bysaak op hierdie spesiale Sabbat gevul met pragtige blomme en versierings. Hierdie geleentheid was 'n dag gevul met 'onthou jy's' – beide van die vrolike tye asook die hartseer tye. Daar was verwys na die eerste huwelik wat in die nuwe kerk bevestig was, dié van Andra en André Korff. Die eerste doop was André se doop gewees. En toe probeer almal die eerstes van ander dinge onthou. Maar daar was te veel wat gebeur het en te min geheue om alles te onthou. Baie egpare het dit hul eerste gemeente gemaak nadat hulle getroud is. Dié wat ter ruste gelê is vanuit die Kemponpark-kerk was ook in herinnering geroep.

Staaltjies is vertel oor die aanbou van die kerksaal en die feit dat die kerk, toe dit gebou is, afgeleë tussen net 'n paar huise gestaan het met 'n groot stuk veld tussen die kerk en die 'grootpad'. Name is genoem van baie lidmate wat leidende rolle in die gemeente gespeel het oor die jare, onder andere die name van wyle Hein en Bets Kruger. Glimlagte en lekker lag was deel van sommige van die name wat genoem was. Die 'grootmense', met hulle eie kinders nou in die kerk, het saam gelag oor die dae toe hulle nog kinders in die kerk was en hoe ander 'grootmense' hulle in toom gehou het.

Die predikante wat teenwoordig was, was die plaaslike leraar, Lr. Gertjie Allers en ook die nuwe leraar vir 2023, Lr. Riaan van der Merwe. Die vorige leraar, Lr. Bertie de Nysschen wat drie maal in sy bediening die voorreg gehad het om die gemeente te bedien, was ook teenwoordig, sowel as Lr. Ruan Gloy, intern vir 2022. 'n Pragtige, goedbeplande dag wat mooi herinneringe herroep het vir die vele wat dit kon bywoon!



**Riaan van der Merwe, nuwe leeraar 2023, Gertjie Allers, huidige leeraar, en driekeer vantevore Lr. Bertie de Nysschen**

# LIED IN JOU HART

## HY BEDEK MY MET SY HAND

**Deur Nadia Webster**

Ellen White skryf: "Musiek, aangewend op die regte manier, is ‘n kosbare gawe van God, bestem om die gedagtes te verhef na hoë en edele temas, om die siel te inspireer en te verhoog."

**“Waar woorde misluk, praat musiek”**
Hoeveel keer het die woorde van ‘n lied jou aangemoedig? Hoeveel keer het ‘n eenvoudige koortjie se woorde jou beter laat voel?

Musiek en liedere wat gesing word, was altyd ‘n belangrike deel van my lewe. Ek het vertroosting gevind in saamsing, strelende melodieë en opheffende woorde vanaf ‘n baie jong ouderdom.

Om te leer van die oorsprong van elke lied en loflied en die die skrywer se gedagtes, wat hierdie pragtige woorde geskryf het, beteken soveel meer vir ons aanbidding.

“Geestelike musiek is nie slegs geluide nie; geestelike musiek is ‘n boodskap”

**"‘n Dierbare Heiland is Jesus my Heer,**
**‘n Dierbare Heiland vir my;**
**By Hom skuil my siel in die ewige Rots,**
**Waar strome van lewe verbly."**

Hierdie pragtige woorde was deur Fanny Crosby (1820-1915) geskryf.
Omdat sy blind was, kon Fanny nie met haar oë sien nie, maar sy kon met haar hart sien. Selfs al kon sy nie ‘n mens se gesig sien of miskien beskryf nie, kon sy deur haar pragtige woorde, die aangesig van God beskryf. Blind vanaf ses weke oud as gevolg van ‘n mislukte operasie, was haar lewe anders maar nie erger as die meeste s’n nie.

Fanny Crosby het haarself ondersteun as ‘n onderwyseres by ‘n skool vir blindes, en het meer as 8500 wonderlike liedere geskryf en gepubliseer, baie sing ons nog steeds vandag.



Oor haar lewe en blindheid het sy die volgende woorde geskryf:

“Dit lyk asof dit deur die geseënde voorsiening van God die bedoeling was dat ek my hele lewe blind moes wees, en ek dank Hom vir die gestremdheid. Indien volmaakte sig môre aan my gebied sou word, sou ek dit nie aanvaar het nie. Ek sou miskien nie liedere gesing het tot lof van God indien ek deur die prag en interessante dinge rondom my beïnvloed sou word nie.”

Vir diegene van ons wat geseën is met volmaakte sig, maar blind is vir die dinge van God, bring Fanny Crosby se liedere ‘n gevoel van God se wonderbare teenwoordigheid.

Een van haar geliefde liedere ‘‘n Dierbare Heiland, is Jesus my Heer’ was in 1890 deur Fanny geskryf. Hierdie lied is gebaseer op Exodus 33:22 “...Sal Ek jou in die skeur van die rots stel en jou met my hand oordek” wat ons verseker van God se teenwoordigheid en Sy belofte om altyd by ons te wees, was en is nog steeds ‘n geliefkoosde lied vir so baie. Die woorde van hierdie pragtige en geliefde lied bevestig hierdie idee soos volg:

**"By Hom skuil my siel in die ewige rots**
**So koel in die dorstige land;**
**Met ewige liefde bewaak Hy my siel,**
**En hou oor my altyd Sy hand; En hou oor my altyd Sy hand.**
**'n Dierbare Heiland is Jesus my Heer."**

Is dit nie ‘n wonderlike prentjie nie? God steek ons weg in die skeur van ‘n rots en bedek ons met Sy hande. Wat ‘n wonderlike beeld van ons Wonderlike Heiland. Psalm 91:1 “Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige".

Vervolg op vlg. bl./

# LIED IN JOU HART (VERVOLG)

Die lewe is gevul met uitdagings en gevare, met mislukkings en tragedies. Ons wat hierdie lewe leef in 'n verhouding met God, is nie vry van lyding nie. God wat ''n Dierbare Heiland" is, en weet dat ons in Hom skuiling kan vind, gee ons die versekering, nie slegs in die feit van Godse beskerming nie, maar ook in die werklikheid van Sy vertroosting en liefde. In Hom kan ons rus vind, want Hy bedek ons waarlik in enige omstandighede met Sy hand.

Die res van die lied herinner ons aan die magtige God wat ons dien, wat ons elke dag krag gee en na wie ons al ons laste kan neem.

**" 'n Dierbare Heiland is Jesus my Heer,**
**Hy dra al my laste met my;**
**Hy hou my onwankelbaar vas aan die hand,**
**En vul my met krag as ek ly."**

Ons word gered deur die bloed wat op Golgota deur Jesus vir ons gestort was. Daarom geniet ons die seëninge van die lewe in oorvloed, die seëninge van verlossing en die seëninge van God se liefde vir ons.

**"Onskatbaar die seën wat Hy aan my skenk**
**Die hemelse volheid aan my,**
**Ek sing en ek juig in die Here my God:**
**My grote Verlosser is Hy!"**

In die laaste versie vul Fanny ons gedagtes met 'n ongelooflike beeld van daardie wonderlike dag waarna ons almal uitsien, die dag van Christus se wederkoms. Ten spyte daarvan dat ons hierdie wêreld met en al sy moeilikhede, stryd en versoekings ervaar, kan ons aanhou met hierdie hoop dat ons Dierbare Heiland binnekort gaan terugkeer om ons huistoe te neem.

**https://youtu.be/4M6TO_1UA60**

**Nadia is in die pragtige Pêrelvallei in die Boland in Wes-Kaap gebore. Getroud met Leraar Peter Webster en dien aan sy sy in die Noordelike Konferensie vir die afgelope 11 jaar. Sy is lief vir musiek en leef volgens die slagspreuk: "Talente is God se gawes aan ons, wat ons daarmee doen, is ons gawe terug aan Hom" en gebruik haar talente op elke manier om God te eer en te verheerlik.**

## INDIEN VOLMAAKTE SIG MÔRE AAN MY GEBIED SOU WORD, SOU EK DIT NIE AANVAAR HET NIE.

**"Onsterflikheid sal Hy ons skenk as Hy kom,**
**om ons na die hemel te haal,**
**en daar in die lug sal ons Jesus ontmoet,**
**en sing van oorwinning behaal."**

Genadige God,
dankie dat u my skuilplek is, my plek van veiligheid en sekuriteit. In U vind ek rus, in tye van die lewe se onrus en moeilikhede.
Help my om myself na U te keer in alle tye en situasies, en help my om U meer te vertrou, om U veiligheid en troos te ervaar.
Alle lof aan U, God, my beskutting, my skuilplek.
Amen.



# WARE GESONDHEID

## VETSUG - 'N SIEKTE MET STIGMA

**Deur Connie Penniken**

**""Eet minder – beweeg meer" stel nie vetsug reg nie.**

Moes jy al ooit jou gedagtes in toom hou waar jy in 'n winkel agter die swaarlywige dame staan met 'n trollie gevul met lekkers en lekkernye? Of die oorgewig man wat by die motorhawe se snoepie uitskuifel met drie pasteie en 'n kola? Die gemeenskap het geen empatie nie en blameer hulle wat sukkel met selfmarteling.

"Almal Moet Optree" is die 2022 slagspreuk van Wêreld Vetsug Dag, wat gesinne aanmoedig om lyers met respek te behandel en saam te staan in 'n poging vir gelukkiger, gesonder en langer lewens. Hulle boodskap is: Niemand behoort alleen te sukkel nie.

Vetsug is 'n ingewikkelde siekte met baie oorsake en slaggate. Dit word dikwels gedryf deur faktore buite 'n persoon se beheer. Genetiese en biologiese faktore kan sommige van ons met 'n groter risiko laat. Emosionele eet- en geestesgesondheidskwessies kan die toestand vererger. Daaglikse toegang tot ultra-geprosesseerde voedsel het eet maklik en toeganklik gemaak in ons gejaagde geskeduleerde lewenstyle. Ons word slagoffers van ongesonde voedsel wat ons meer laat eet. Vetsug word veroorsaak wanneer meer kalorieë opgeneem word as wat die liggaam kan gebruik, veral vetterige en soet voedsels.

"Die helfte van alle volwassenes in Suid-Afrika is oorgewig (23%) of ly aan vetsug (27%). Die Wêreld Vetsugfederasie verwag ook 'n bykomende 10% verhoging (37%) in vetsug onder volwassenes teen 2030. Oorgewig en vetsug vermeerder grootliks die risiko van nie-oordraagbare siektes. Hierdie las dra by tot die land se hoë voorkoms van suikersiekte, of byvoorbeeld 'n geraamde 11% van mense ouer as 15 het in 2021 suikersiekte gehad."


Om en by 12 miljoen mense ly aan gewigsverwante siektes waarvoor hulle behandeling ontvang in die openbare sektor. Hierdie sluit suikersiekte, hoë bloeddruk, kardiovaskulêre siekte, artritis en sommige kankers in. Dit sluit nie die talle ongediagnoseerde mense in met suikersiekte en hoë bloeddruk wat nie op behandeling is nie. Dit sluit ook nie mense in wat in die privaat sektor behandel word nie.

"Hierdie nie-oordraagbare siektes veroorsaak lewensveranderende siektes, ongeskiktheid en vroegtydige dood" (Boachie, 2022).

Ongelukkig is die getalle wat hierbo genoem word nie anders onder die Sewendedag-Adventiste (SDA) kerklidmate nie, selfs al is hierdie die enigste genootskap wat geseën is met 'n wonderlike gesondheidsboodskap. SDA's weet baie oor gesondheid en gesondheidsverwante kwessies, maar dit sou gehelp het as ons die kosbare leringe wat aan ons toegewys is, sou kon toepas. **Dit is belangrik om die syfers hieronder te ken sodat veranderinge gemaak kan word ten einde te mik na 'n normale LMI:**

| Category | BMI range - kg/m$^2$ |
|---|---|
| Severe Thinness | < 16 |
| Moderate Thinness | 16 - 17 |
| Mild Thinness | 17 - 18.5 |
| Normal | 18.5 - 25 |
| Overweight | 25 - 30 |
| Obese Class I | 30 - 35 |
| Obese Class II | 35 - 40 |
| Obese Class III | > 40 |

**Liggaam Massa Indeks, is 'n eenvoudige berekening deur 'n persoon se lengte en gewig te gebruik. Die formule is LMI = kg/m2 waar kg 'n persoon se gewig in kilogram is en m2 hulle lengte in vierkante meters. 'n LMI van 25.0 of meer is oorgewig, terwyl die gesonde koers 18.5 tot 24.9 is (diabetes.ca, 2022).**



# WARE GESONDHEID (VERVOLG)



**Praktiese wenke wat kan help om gewig te verminder:**

- *Eet en berei meer voedsel voor in hulle natuurlike toestand soos vrugte en groente, sonder om suiker, olie en oormatige sout by te voeg.*
- *Skakel die televisie en selfone af en berei etes saam as 'n gesin.*
- *Verminder en probeer om geprosesseerde voedsel, pasteie en wegneemetes uit te sny.*
- *Drink meer water. Mense wat lief is vir water, moes iewers begin het. Dit gebeur nie natuurlik nie. Stel 'n doel vir jouself, begin laag en vermeerder geleidelik tot die vereiste twee liters per dag.*
- *Praat met jou predikant of 'n geestesgesondheids persoon oor onderliggende kwessies.*
- *Verhoog die koers waarteen kalorieë verbrand word deur daagliks te oefen. Neem jou hond vir 'n uitstappie terwyl jy vir jou geliefdes bid, of neem die gesin vir 'n uitstappie. Sluit aan by 'n gemeenskapsgroep wat saam hardloop/stap ... of begin een!*

Bibliografie

Boachie, M. (2022, September 13). Obesity Costs South Africa Billions. We did the sums. Retrieved from wits.ac.za: https://www.wits.ac.za/news/latest-news/opinion/2022/2022-09/obesity-costs-south-africa-billions-we-did-the-sums.html

diabetes.ca. (2022, October 28). Body Mass Index Calculator (BMI). Retrieved from diabetes.ca: https://www.diabetes.ca/managing-my-diabetes/tools---resources/body-mass-index-(bmi)-calculator

https://www.worldobesityday.org/

**Connie is Direkteur van Gesondheidsbedieninge en Gesinsbedieninge by die Konferensie. Sy het verpleging by die Universiteit van die Weskaap gestudeer en 'n MPhil en HIV Bestuur voltooi by Stellenbosch sowel as kursusse in wêreldgesondheid en in Aanvangs-bestuur van Anti-Retrovirale Terapie. Sy was die afgelope sewe jaar werksaam vir Geloofgebaseerde Organisasies (NK & SID) en waar fokus word op die voorkoming van nie-oordraagbare siektes deur mense te leer om gesonde lewenstyle te leef. Sy is getroud met Lr. Shandrell Penniken en het twee volwasse kinders. Sy geniet dit om met mense te werk.**

## Sonnige Somer Resepte

Somer op 'n bord vir daardie warm dae wanneer jy iets nodig het om jou smaakknoppies te verfris. Uit Connie se kombuis; twee veelsydige staatmakers wat jy dwarsdeur die seisoen kan gebruik!

### Vingerlek Lekker Slaaisous:

2 Koppies vars uitgedrukte lemoensap
1 Lemmetjie uitgedruk (lemmetjie/suurlemoen)
1 Koppie kasjoeneute
3-4 Knoffelhuisies
6 Takkies vars koljander
1 Teelepel Himalaja/knoffel en pietersiele sout

Meng alles in 'n voedselverwerker en geniet op gerasperde wortels, rou botterskorsies, kool of jou geliefkoosde mengelslaai!

### Romerige Botterbone Smeer:

1 Blikkie botterbone gedreineer en afgespoel
¾ Koppie water
¼ Koppie hawermoutmeel (u kan u eie maak uit hawermout met 'n hoëspoed voedselverwerker)
2 Eetlepels suurlemoensap
1 Eetlepel agave (mak aalwyn) (of rou heuning/gesonde soet alternatief)
1 Eetlepel klapperolie
¼ Eetlepel Appelasyn
¼ Teelepel Himalaja/knoffel en pietersielie sout
1 Opgehoopte eetlepel voedsame gisvlokkies

Meng alle bestanddele in 'n voedselverwerker en gebruik as 'n spesiale smeer op volgraan-, rog- of saadbrood.

# LEWENSVAARDIGHEDE V&A

## Met Lr. Nandi Fleming

**Het jy 'n probleem wat pla en en het jy raad nodig?** Stuur jou vrae na Lr. Nandi by contact@nc.adventist.org Jy sal jou antwoord kry in die volgende uitgawe van die Kontak. Alle briewe sal hoogs vertroulik hanteer word. Jy mag 'n skuilnaam gebruik.

Liewe Lr. Nandi
My moeder het onlangs 'n weduwee geword, en haar finansiële toestand is nie voldoende om onafhanklik te leef nie. Ek en my vrou het besluit om haar uit te nooi om by ons in te trek. Ons het twee jong kleuters, en ons werk beide weg van die huis af. Die kinders is in 'n kleuterskool gedurende die dag.
Alhoewel ons almal lief is vir my ma, kan ek nie help om bekommerd te wees oor hoe dit ons gesin se samewerking sal beïnvloed nie. Kan ons miskien raad kry oor hoe ons dit moet benader? Behoort daar grense in plek te wees en hoe dra ons hierdie op 'n diplomatiese manier aan my moeder oor?
Vriendelike groete
Simon

**Beste Simon,**
Alle huise behoort reëls en grense te hê om doeltreffend en goed te funksioneer. Selfs die hemel het grense, die aarde en alles daarin bestaan en beweeg ordelik as gevolg van die grense wat God daargestel het. In jou huis is jy die hoof van die huishouding en op dieselfde manier is dit baie belangrik om duidelike maar redelike grense in plek te hê sodat alles glad kan verloop.
My aanbeveling is dat jy en jou vrou bespreek wat julle dink nodig mag wees en dit dan met jou moeder bespreek en vra of daar enige aanbevelings is wat sy sou hê vir grense in die huis sodat hierdie nuwe reëlings aan almal se behoeftes kan voorsien. Julle drie kan dan voor die tyd saamstem oor hierdie reëls en grense. (Wanneer reëls saam beplan en daarmee saamgestem word, eerder as om afgedwing te word, sal dit heel waarskynlik goeie gevolge hê). Beplan miskien ook om opvolgvergaderings te hê om te kyk of nuwe aanpassings nodig is en of die reëls wat gestel is, werk en prakties is.

En onthou altyd dat wanneer julle beplan om eers tyd deur te bring om te bid dat God julle mag lei om goeie grense te kies om te implementeer vir julle nuwe huisopset om verhewe en deur God gelei te wees.
Hoop hierdie sal help.
**Nandi**

**Liewe Lr. Nandi**
Ek is 'n 30-plus jarige vrou wat onlangs geskei is weens redes wat ek nie hier wil noem nie.
Ons (my gewese man en ek) het een kind wat nou so amper-amper 'n tiener is, wat natuurlik met al sy eie uitdagings kom.
My gewese man is baie teen die Kerk en Christenskap oor die algemeen, selfs teen God. Ek leef so ver as ek kan in 'n noue verhouding met Jesus, en is 'n aktiewe lid van my gemeente. My vraag is dit: Hoe nou gemaak met die opvoeding van my kind? – tussen twee pole van konserwatiewe Christenskap en uitdagende, uittarting van enige Christelike waardes en verhouding moet my kind gesond kan wees. Hoe doen ek dit?? Waar begin ek??
**Skuilnaam – Jane Doe**

**Liewe Jane Doe**
Egskeiding is 'n moeilike een, min mense besef dat alhoewel jy en jou man nie meer 'n paartjie is nie beteken dit nie dat julle ophou om 'n gesin te wees nie. 'n Gesin kom nie tot 'n einde wanneer 'n huwelik eindig nie. Jou man is nog steeds die vader vir jou kind en jy nog steeds die moeder, en julle is albei julle kind se ouers. Wat dit dan beteken, is dat jou eks-man net soveel reg het tot die opvoeding van julle kind as wat jy het. Daarom raai ek aan dat julle probeer vrede maak sover as moontlik want julle gaan "mede-ouers" wees vir die res van julle lewens.

Julle mag dalk nie ooreenstem oor Christelike waardes nie, maar as julle ooreenstem om mekaar met respek te hanteer en saam besluite te maak sal dit baie rusies voorkom. Vermy 'n aanvallende houding of 'n beskuldigende benadering as julle vassit. Stel eerder 'n doel oor hoe julle julle kind wil groot maak, en hou dit as fokus, eerder as mekaar se tekortkominge.

Vervolg op vlg. bl./

# LEWENSVAARDIGHEDE V&A (VERVOLG)



Ek raai aan julle sien dalk 'n "lewensafrigter" of berader wat julle kan help om te leer hoe om besluite te maak wanneer julle geneig is om nie saam te stem nie.

Laastens, onthou ons stryd is nie teen vlees en bloed nie. Daarom hou gebed en God se hulp altyd byderhand. Wanneer jy aangeval voel en moedeloos word lê jou sorge op die Here en bid vir uitkoms van Bo.

**Groete Nandi**



**Dienste aangebied by NK Pastorale Beradingsdepartement:**

**1)Berading, aanlyn en persoonlik in NK kantore**

**2)Geestesgesondheid praatjies beskikbaar gemaak op:**

- **WhatsApp oudio**
- **Podcast**
- **YouTube**
- **Tiktok**
- **En Wattpad (geskrewe formaat)**

**Skakels hieronder:**
**Oudio geestesgesondheidepisodes is ook beskikbaar op *Podcast* by https://anchor.fm/NCSAMentalHealth**

**U mag dalk ook belangstel om ons Videoproduksies op *YouTube* na te vors: https://youtube.com/channel/UCF_-jFSxr17RHMoAAATtp6A**

**Of ons korter motiverende snitte op *TikTok* https://vm.tiktok.com/ZSJBpCJuK/**

**Wattpadd:** Inspirasie om te lees

wattpad

Lr. Nandi Fleming is 'n pastorale berader vir die Noordelike Konferensie. Sy het in verskeie hoedanighede gedien, gemeentelike leraar, kapelaan van skole, sowel as pastorale berader. Sy is getroud en hou van alles van die natuur, natuurlike lewenstyl, God se skepping en Sy skepsels. As 'n stokperdjie geniet Nandi dit om vrugtebome deur steggies voort te plant en te groei.

TEOLOGIESE GESPREK



# NIEMAND BEHALWE GOD IS GOED NIE

**Deur Lr. Pieter Gey van Pittius**

**Die Afrikaanse Bybelvertaling, 2020, word deurgaans gebruik tensy anders aangedui. Beklemtoning word ook deurgaans deur my voorsien, tensy anders aangedui.**

"'n Kinderlose koning het vir 'n opvolger gesoek. Hy stuur toe 'n uitnodiging na al die jongmanne in sy land om na hom toe te kom vir 'n onderhoud. Die enigste kwalifikasie was dat hulle regtig lief moes wees vir hulle medemens.

'n Baie arm jongman het alles verkoop wat hy gehad het om klere te koop wat aanvaarbaar sou wees vir sy onderhoud met die koning. Hy kon tog nie in sy vodde voor die koning verskyn nie, nie waar nie?

Op pad na die koning loop die arm jongman 'n bedelaar raak. Die bedelaar, bewend van die koue, in flenter-vodde en dood van die honger, het die jongman gesmeek om hulp. Die jongman het armoede geken en sy hart het gebreek vir die nood van die bedelaar. Hy het sy goeie klere uitgetrek en dit vir die bedelaar gegee. Hy het ook sy laaste sente gebruik om vir hom kos te koop.

Sonder veel hoop op sukses, en in sy vodde, sit die jongman sy tog voort en kom so by die paleis aan vir sy afspraak met die koning. Nadat hy laag gebuig het voor die koning, staan hy op en is verbysterd van verbasing! Hier voor hom op die troon sit die bedelaar; dis sowaar die koning!

Die koning het die jongman met 'n glimlag nader gewink en sy koninklike kleed om hom gehang. Die jongman het niks gehad om aan te bied wat hom sou kwalifiseer vir die pos van koning nie. Dit was slegs die liefde in sy hart wat hom laat kwalifiseer het."

Hou hierdie besondere verhaal, saam met die aanhaling wat volg, in gedagte terwyl ons na die verhaal van 'n ander jongman kyk. Hy was baie ryk en sy verhaal is opgeteken in Matteus 19:17-31. Let op die volgende aanhaling:

"Daar is een groot sentrale waarheid wat altyd in gedagte gehou moet word terwyl die Skrif ondersoek word – Christus, en Hom as gekruisigde. Namate 'n waarheid se verbintenis met hierdie tema toeneem, neem die invloed en krag van daardie waarheid toe." (Eie vertaling) (That I May Know Him 208.2, Manuscript 31, 1890)

CVervolg op vlg.bl.//

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

"En kyk, iemand het na Jesus gekom en gevra: 'Meester, watter goeie ding moet ek doen sodat ek die ewige lewe kan verkry?' Hy het hom geantwoord: 'Hoekom vra jy My uit oor wat goed is? Daar is net Een wat goed is…'" (Matteus 19:16-17). Net soos die arm jongman in ons eerste verhaal, het die ryk jongman nie geweet met Wie hy te doen gehad het nie. Anders as die ryk jongman het die arm jongman later sy koning ontmoet omdat hy bereid was om sy karige 'rykdom' aan 'n arme te gee. Omdat die ryk jongman nie besef het dat hy niks het om te gee nie, kon hy ook nie besef met Wie hy te doen het nie. Hy het nie geweet dat hy met Christus te doen het nie – die Een wat vir hom en die hele wêreld die gekruisigde sou wees. Hy het nie besef dat hy te doen het met die Koning van konings en die Here van here nie. Hy kon nie verby die nederige uiterlike van die Here Jesus sien nie want "Hy het nie 'n gestalte gehad, geen glans, dat ons na Hom sou kyk nie, nie 'n goeie voorkoms, dat ons Hom sou begeer nie" (Jesaja 53:2).

Soos in die eerste verhaal het dit 'n konfrontasie met die bedelaar as koning gekos om hom as koning te kon herken. Sy 'rykdom', oftewel sy mooi klere, wat hy gedink het hy moet aanhê voordat hy voor die koning kon verskyn, het hom amper weerhou van sy ontmoeting met die koning. Op die ou einde het die weggee daarvan hom 'n ontmoeting met die koning gegee. Net so het ons ryk jongman se rykdom hom daarvan weerhou om die Koning te ontmoet. Sy rykdom kon nie vir hom die hemel koop nie; dit het hom daarvan weerhou om 'n werklike ontmoeting met die Koning te hê. Jesus het dit geweet en het daarom gevra dat hy daarvan ontslae moes raak, dit weggee. Die ontmoeting vir die eerste jongman het gelei tot sy "hemel". In hierdie artikel wil ek hê dat jy Jesus as Koning, die gesalfde, as Christus en ook as gekruisigde moet ontmoet en erken. Dit moet gebeur sodat jy "die ewige lewe kan verkry" (Matteus 19:16).
Die aanhaling help ons om op die sentrale waarheid te fokus – "Christus en Hom as gekruisigde". Christus was die offerlam en volgens die Skrifte moes hierdie lam vlekkeloos wees van buite (Eksodus 12:5) en van binne (Levitikus 22:25).

**Die Lam (Jesus die gekruisigde)**

**Die lam dien as 'n voorbeeld, of tipe, hoe die Lam van God sou wees.**

**Johannes die Doper identifiseer Jesus as die Lam van God.**

## IN SY VERNEDERING IS REGSPRAAK HOM ONTNEEM

"**Die Lam (Jesus as gekruisigde)**
Die lam het gedien as 'n voorbeeld of 'n tipe van hoe die Lam van God sou wees. Johannes die Doper identifiseer Jesus as die Lam van God. "Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom en hy sê: 'Kyk, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!" (Johannes 1:29). Hier het Johannes die profeet Jesaja in gedagte gehad.
"Hy is egter deurboor oor ons oortredings, verbrysel oor ons sondeskuld. Die straf wat ons vrede bewerk, was op Hom, en deur Sy wonde is daar vir ons genesing. Ons almal het soos kleinvee gedwaal, elkeen van ons het sy eie koers ingeslaan; maar die Here het ons almal se sondeskuld op Hom laat neerkom" (Jesaja 53:5-6).

Net so identifiseer Lukas Jesus as die Lam van God wat sou kom deur die kamerling van Ethiopië wat uit die boek Jesaja lees:
"Soos 'n skaap is Hy ter slagting gelei, en soos 'n lam wat stom is voor sy skeerder, so maak Hy sy mond nie oop nie. In Sy vernedering is regspraak Hom ontneem, en wie sal Sy nageslag kan opnoem? Want Sy lewe word van die aarde weggeneem" (Handelinge 8:32-33).
Jesus word ook so geïdentifiseer deur Petrus. Hierdie teksgedeelte is vir my werklik 'n baie belangrike bevestiging van hierdie waarheid.

"Julle weet tog dat julle nie met iets verganckliks, soos silwer of goud, losgekoop is uit julle sinlose leefwyse, wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie, maar **dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekkeloos en sonder liggaamsgebrek"** (1 Petrus 1:18-19). Hy is "Die Lam wat geslag is" (Openbaring 5:12).

vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

## Die tipe of voorbeeld is altyd net 'n skaduwee

Dit is belangrik om te besef dat die vervulling van die tipe of voorbeeld altyd die tipe totaal en al oorskadu tot op die punt dat die vervulling dit uitdoof! Kyk maar na wat Paulus sê:
"Moet dus nie dat iemand julle oordeel oor wat julle eet of drink, of oor 'n fees, 'n nuwemaansfees of 'n sabbat nie. **Hierdie dinge** is net 'n voorafskaduwing van dit wat aan die kom was, maar die werklikheid is Christus" (Kolossense 2:16-17).
Die voorafskaduwing (skaduwee in die OAV), het **net een doel**: dit wys **net** vooruit. Dit blyk duidelik uit die oorspronklike grondteks. Dink maar net daaraan, 'n skaduwee lei altyd na die voorwerp of persoon wat dit veroorsaak. Die liggaam waarna die skaduwee lei (soos ons in die OAV lees), is die werklikheid.

Dit sal darem verspot en onmoontlik wees van my om te probeer om my vrou se skaduwee te omhels of 'n soentjie te gee! Al wat ek sal regkry is om 'n mond vol modder te kry! Dis nie die doel van die skaduwee om as werklike aanvaar te word nie. Die liggaam is daar om omhels en gekoester te word. Om aangeneem te word as die werklike. Die skaduwees van vers 16 is **"hierdie dinge"** waarna vers 17 verwys. Dit sluit alles in wat die woorde, "hierdie dinge", voorafgaan. Dit is met ander woorde die feeste, nuwemaansfeeste en sabbatsfeeste wat met eet en drink gevier en onderhou moes word. Dit het dus ook die offerdiere soos die lammers ingesluit.



## Die vervulling

Dit beteken dat die offers, ook die vlekkelose lammertjies, maar net skaduwees van die werklike Lam van God was waarna hulle vooruitgewys het. Jesus was die Een "wat 'nie sonde gedoen het nie, en in wie se mond geen bedrog gevind is nie'" (1 Petrus 2:22). Hy was die Een in wie "daar geen sonde" was nie! (1 Johannes 3:5). Daarom kon Jesus met gesag aan die Fariseërs, met wie Hy in 'n ernstige gesprek was, sê: "Wie van julle kan sonde by My uitwys?" (Johannes 8:46). Dit was natuurlik 'n retoriese vraag met net een antwoord. "Nie een kan enige sonde by My uitwys nie OMDAT daar geen sonde is nie!"

## Die goedheid van God

Hierdie soort "goedheid" waarvan Jesus praat, soos hierbo in Matteus 19 aangehaal, is nie dieselfde as waaraan ons as mense dink nie.
Jesus sê vir die ryk jongman: "Hoekom vra jy My uit oor wat goed is? Daar is **net Een** wat goed is..." In Markus 10:18 word dit baie duidelik gestel wie hierdie Een is: "**net God is goed**". Die jongman het goed geweet wat Jesus bedoel. Vlekkelose, opperste goedheid is 'n kenmerk van God alleen. Daarom staan daar geskrywe: "Hoe groot is U goedheid wat U bewaar vir dié wat vir U ontsag het, wat U voorberei vir dié wat by U skuil.." (Psalm 31:20). Paulus praat van die "rykdom van Sy (dit is God) goedheid", en dat dit juis "God se goedheid" is wat ons "tot bekering" lei! (Romeine 2:4). Daar is waarlik net Een wat goed is en dit is God.

## God se goedheid in kontras met die mens se goedheid

Dit is veral duidelik as ons dit vergelyk met ons geregtigheid of goedheid: "Soos 'n besoedelde kledingstuk is al ons geregtighede" (Jesaja 64:6). Die Here sê van ons geregtigheid: "Ek self gaan getuienis aflê oor jou geregtigheid. En jou dade – dit sal vir jou van geen nut wees nie" (Jesaja 57:12). Dit is waarom Paulus verder sê: "Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God" (Romeine 3:23).

Vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

Maar nou het ons 'n groot probleem. Élifas, die Temaniet, vra 'n retoriese vraag: "Sou 'n sterfling regverdig wees voor God? Of 'n man rein wees voor sy Maker?" (Job 4:17). Hierdie vraag het net een antwoord. **Definitief nie.** Job self stem saam en vra min of meer dieselfde vraag: "Hoe kan 'n mens regverdig wees by God?" (Job 9:2). Weereens het hierdie retoriese vraag net een antwoord – 'n mens kan nie uit homself regverdig wees by God nie! Dieselfde vraag word in die Psalms gevra: "Wie mag klim op die berg van die Here? En wie mag staan in Sy heilige plek? Hy wat rein van hande en suiwer van hart is, wat sy siel nie ophef tot nietigheid en nie vals sweer nie" (Psalm 24:3-4). Hierdie Psalm was geskryf om die ingang van die ark in Jerusalem te vier. Ek stem saam met Charles Spurgeon wanneer hy in sy werk, 'The Treasury of David', sê: "The eye of the Psalmist looked, however, beyond the typical upgoing of the ark to the sublime ascension of the King of glory." Net die Seun van God, die Seun van die Mens, Jesus, was en is rein genoeg om op die berg van die Here te klim. Hoekom? Hy was, én is, God.

### Die vloek

Ek is seker die ryk jongman was goed bekend met Deuterononium 17:1 omdat hy 'n wetsgeleerde was. "Jy mag aan die Here jou God geen bees of stuk kleinvee waaraan 'n liggaamsgebrek, iets slegs, is, offer nie; want dit is vir die Here jou God 'n gruwel." (Deuterononium 17:1, OAV). Die "iets slegs" verwys na 'n ernstige gebrek wat binne-in die dier verkeerd geloop het. Die Griekse vertaling van die Ou Testament gebruik 'n woord wat na hierdie gebrek van die dier verwys as 'n "innerlike" gebrek. Daar moes, met ander woorde, geen korrupsie binne-in die dier gewees het nie. Dit was 'n "gruwel". Baie sterk woorde, nie waar nie? Dit was vir die Here "afstootlik" soos die 2020 Afrikaanse vertaling dit noem.

Hierdie afstootlike "gruwel" is natuurlik simbolies van die sondetoestand van die mens waarin almal van ons deel. Net soos wat dit 'n gruwel was om 'n dier met gebreke na die Here toe te bring vir 'n offer, net so is dit 'n gruwel om jouself, óf jou eie werke, na God toe te bring as iets wat vir jou die hemel moet verdien. Dit is die essensie van die evangelie. Net God is goed genoeg om ons te red.

## DIE RYK JONG MAN WAS ARROGANT WANT HY HET NIE BESEF MET WIE HY TE DOEN HET NIE

## HY HET HOMSELF GELYKGESTEL AAN JESUS.

## HY WAS OOK "GOED GENOEG" OM IETS "GOEDS" TE DOEN.

### Die arrogansie van selfregverdiging

:Maleagi gaan verder: "Vervloek is iemand wat bedrieg deur 'n gelofte af te lê, maar 'n verminkte dier aan die Heer offer... 'Ek is immers die groot Koning,' sê die Here, Heerser oor alle magte, 'en my Naam wek ontsag by die nasies'" (Maleagi 1:14). Die jongman wat na Jesus toe gekom het, en gedink het dat hy goed genoeg was om iets te kan aanbied om die hemel binne te gaan, moes tog geweet het dat hy besig was om 'n gruwel te doen, nie waar nie? Dit was immers wat tussen hom en sy ontmoeting met die Koning gestaan het. Dit was ook die groot saak wat Jesus wou illustreer met die Fariseër en die tollenaar wat in die tempel gaan bid het. Die Fariseër se eiegeregtigheid het tussen hom en God gestaan. Hy het net met homself gepraat en nie met God nie. Hy het geen ontmoeting met God gehad nie. Die tollenaar het niks gehad om aan te bied nie, daarom het hy 'n outentieke ontmoeting met God gehad (Lukas 18:9-14).

Dit was nie al nie; die ryk jongman was ook arrogant, want hy het nie besef met wie hy te doen het nie! Hy het immers gestaan voor die "groot Koning", die "Heerser oor alle magte". Dit was Jesus wat voor hom gestaan het, wat hy "goeie meester" genoem het. Op so 'n manier het hy homself gelyk gestel aan Jesus. Hy was met ander woorde ook "goed genoeg" om 'n "goeie ding" te kon doen.

vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

Hy het egter nie besef dat die Een wat voor hom staan, die Een is wat gaan kom op die wit perd nie. Die Een wat "getrou" en "waar" en "regverdig" is. Hy wat die "Woord van God" en "Koning van die konings, en Heerser van die heersers", is (Openbaring 19:11-16). Verder het hy nie besef dat die Een wat voor hom staan die Een is wat "met die wolke kom" nie, Hy wie "elke oog sal sien". Hy wat "deurboor" is. Hy wat sê: "Ek is die Alfa en die Omega, die Een wat is en wat was en wat kom", die "Here God, die Almagtige" (Openbaring 1:7-8). Die arrogansie van selfregverdigheid is dan juis dat ons Jesus nie erken as God nie. Dit weerhou ons, net soos die ryk jongman, van 'n ware ontmoeting met die Koning van konings.

### Slegs Jesus is goed genoeg

Ons het nou gesien dat daar slegs Een is wat goed is, en dit is God. Maar ons het ook gesien dat Jesus goed is, vlekkeloos goed is! Hy is daarom God. Dit word verder duidelik as ons in Openbaring lees waar daar "in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boekrol" is. Daardie boekrol is ook volmaak verseël met sewe seëls (Openbaring 5:1). Dit is daarom net 'n Volmaakte, Vlekkelose wese wat waardig genoeg sal wees om hierdie werk te verrig om die boek se seëls te verwyder. Daar word gesoek na iemand wat waardig is om die boek te ontseël en niemand is waardig genoeg gevind nie. Die heelal se lot hang daarvan af om iemand te vind wat waardig genoeg, dit is, goed genoeg, is om die boekrol oop te maak (Openbaring 5:2-3). Alles is op die spel! Iemand moet gevind word wat goed genoeg is om hierdie werk te doen.





## NET HY IS WAARDIG

Daarom bars Johannes in trane uit toe niemand gevind word nie. Niemand is waardig genoeg nie. Vanaf vers 5 tot en met vers 8 word dit duidelik dat **daar wel net Een is wat waardig genoeg is** om hierdie werk te doen. Dit is die Lam wat geslag is! Net Hy is waardig genoeg om die heelal se lot in Sy hande te neem. Die hemelwesens rondom die troon breek uit in 'n loflied vir die Lam: "U is waardig om die boekrol te neem, en die seëls daarvan oop tebreek **omdat U geslag is, en met U bloed mense vir God gekoop het** uit elke geslag en taal en volk en nasie" (Openbaring 5:9). Hy alleen is die vervulling van die vlekkelose Lam en daarom is Hy alleen waardig.

Hy het dit verdien om alleen waardig te wees. Sy voltooide werk is bewys daarvan. Hy is geslag en het met Sy bloed mense vir God gekoop. Die boodskap is duidelik: net God is goed. Net Jesus is goed. Dit beteken dat Hy God is en met Sy bloed mense vir God gekoop het. Dit is waarvan ons in Handelinge 20:28 lees, waar Paulus met die ouderlinge in Efese praat oor hulle verantwoordelikheid teenoor die kudde wat die Heilige Gees hulle gegee het. **Paulus herinner hulle dat dit God is (en dit is Jesus), wat hulle met Sy bloed gekoop het.** Dit is geen wonder dat **Thomas**, nadat hy besef het dat Jesus die Lam van God is wat met Sy wonde vir ons sondes betaal het, **Hom erken het as Here en God** nie (Johannes 20:28). Verder sien ons in Openbaring 4 en 5 dat God en Jesus dieselfde troon deel. Dit is NET die Lam wat geslag is wat waardig genoeg is om God se troon met Hom te deel. So deel ook die Heilige Gees wat deur die sewe fakkels en die sewe oë voorgestel word, God se troon. Jesus IS daarom ten volle God.


Vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

## Om te glo Jesus is God – 'n Vereiste vir redding

Dit was belangrik vir die ryk jongman om te weet dat Jesus die Christus, die Messias was. Dit wil sê, Hy was die verwagte Gesalfde. "God (het) Jesus van Nasaret **met die Heilige Gees en met krag gesalf**..." (Hand 10:38). Hier verbind Lukas die doop van Jesus deur Johannes die Doper met die profesie in Jesaja 61:1-2 (OAV): "**Die Gees van die Here HERE is op My, omdat die HERE My gesalf het** om 'n blye boodskap te bring aan die ootmoediges; Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenis 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die Here en 'n dag van die wraak van onse God; om al die treurendes te troos". Lukas getuig ook aangaande wat Jesus self in Nasaret gesê het. Jesus het ook dieselfde gedeelte gelees (Lukas 4:18-19). Lukas sê verder: "En nadat Hy die boek toegemaak en aan die dienaar teruggegee het, gaan Hy sit, en die oë van almal in die sinagoge was op Hom gevestig. Toe begin Hy vir hulle te sê: '**Vandag is hierdie Skrif in julle ore vervul.'"** (Lukas 4:20-21, OAV). Jesus getuig dus self dat Hy die Gesalfde is, die Christus, die Messias.

Dit is vir **hierdie** doel dat Hy in hierdie wêreld ingestuur is – om vir ons te kom sterf. "Nou is My siel ontsteld. Wat sal Ek sê? Vader, red My uit hierdie uur? Maar Ek het tog juis met die oog op hierdie uur gekom!" (Johannes 12:27). Hiervoor het Hy gekom, om die wêreld van sonde los te koop. Die jongman moes weet dat hy nie iets goeds kon doen om homself los te koop nie. Dit was die Een wat voor hom gestaan het, die vlekkelose Lam, God alleen wat goed is, se taak om hom los te koop van sy sonde. "Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus, wat Homself gegee het vir ons sondes, sodat Hy ons kan uitred uit die teenwoordige bose wêreld, volgens die wil van onse God en Vader" (Galasiërs 1:3-4, OAV).



## DIE LIEFDE VAN CHRISTUS DRYF ONS

## ONS MOENIE VIR ONSSELF LEEF NIE

## DIT WEERHOU ONS VAN 'N WARE ONTMOETING MET KONING JESUS.

TDis hoekom Paulus vir die Galasiërs gesê het: "**Met Christus is ek gekruisig;** ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my! Die lewe wat ek nou liggaamlik leef, leef ek in geloof, die geloof in die Seun van God, wat my liefgehad en Homself vir my oorgegee het" (Galasiërs 2:19c-20). Maar dis nie net Paulus wat met Christus gekruisig is nie, dis ons almal! "Die liefde van Christus dryf ons, omdat ons tot dié insig gekom het dat, indien Een vir almal gesterf het, almal dan gesterf het; en **Hy het ter wille van almal gesterf**, sodat dié wat leef, nie meer vir hulleself sal leef nie, maar vir Hom wat ter wille van hulle gesterf het en opgewek is" (2 Korinthiërs 5:14-15). Ons moet nie vir ons self lewe nie. Dit weerhou ons van 'n outentieke ontmoeting met Koning Jesus. Vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

Die groot saak is hier dat dit niemand anders as Jesus Christus, God self, kon gewees het wat vir ons gesterf het nie. "... As julle nie glo dat **Ek Is** nie, **sal julle in julle sondes sterf"** (Johannes 8:24b). Dis baie duidelik. **Ons sal in ons sonde sterf as ons nie glo dat Jesus die Ek Is, is nie**. Dit was die ryk jongman se grootste probleem. **Hy het nie besef met wie hy te doene gehad het nie**. Vir hom was Jesus maar net 'n goeie meester. Hy het respek vir Jesus gehad, selfs baie respek. Ons lees in Markus se weergawe van die verhaal, dat die jongman na Hom toe gehardloop het en in respek voor Hom neergekniel het (Markus 10:17). **Maar dis nie goed genoeg om Jesus net as 'n 'goeie meester' te erken nie. Die jongman moes weet dat hy met God te doen gehad het**. Net so moet ons ook weet dat dit nie goed genoeg is om Jesus net as 'n goeie man te sien nie. Hy is God. Die jongman moes ook weet dat dit vir hom onmoontlik is om iets goeds te doen wat hom kon red. Hy moes weet dat net God goed is, en dat dit net vir God moontlik is om hom te red. Al die mense wat dit gehoor het, het ook besef dat dieselfde vir hulle geld. "Die dissipels was heeltemal uit die veld geslaan en het vir mekaar gesê: 'Wie kan dan gered word?' Jesus het stip na hulle gekyk en gesê: '**By mense is dit onmoontlik, maar nie by God nie, want by God is alles moontlik'**" (Markus 10:26-27). Dit is **alleen** vir Hom moontlik, want Hy **alleen** is goed omdat Hy God is. Wat vir die jongman gegeld het, geld vir ons almal.

## Jesus, die Ek Is

Daar is 'n sleutelteks in die evangelie van Johannes wat die Godheid van Jesus onteenseglik, bo alle twyfel, bewys: "Jesus het hulle geantwoord: 'Amen, amen, Ek sê vir julle, **Ek Is** al van voordat Abraham gebore is'" (Johannes 8:58, klem my eie).

Ek haal aan uit die '**Simplified Grammar**' van Justin T. Alfred, bladsy 50:
"**Die Statiese Teenwoordige Tyd**: Dit is 'n belangrike gebruik van die teenwoordige tyd omdat dit 'n aksie voorstel wat gesien word as 'n konstante staat van 'om te wees' of 'te bestaan'."
"Jesus het hulle geantwoord: 'Amen, amen, Ek sê vir julle, Ek Is (ego eimi) al van voordat Abraham gebore is'" (Johannes 8:58).

> ONS SAL IN ONS SONDE STERF AS ONS NIE GLO NIE
> ”

'**Ego Eimi'** kan letterlik vertaal word met "**Ek self bestaan/is altyd"**. Dit is 'n uitstekende voorbeeld van die statiese teenwoordige tyd. **In hierdie skrifgedeelte wys Jesus baie duidelik Sy ewigheid/ewige bestaan.** (Eie vertaling).

Nog 'n belangrike opmerking is dat hierdie stelling in die '**Indikatief'** is, en volgens dieselfde grammatika van Justin T. Alfred, bladsy 62, lees ons: "Die **Indikatief:** Die indikatiewe modus is die modus van realiteit. **Dit beskryf iets wat regtig aan die gebeur is.**"

Wat hierdie vers in Johannes vir ons vertel is die volgende: Jesus is die 'Ek Is'. Dit beteken dat:
a) Hy van altyd tot altyd bestaan, en
b) dit is die realiteit. Dit is hoe dit werklik is.
Verder is dit belangrik om die verskil tussen die twee werkwoorde wat Johannes gebruik om Abraham en Jesus te beskryf, op te merk. Abraham is gebore (het begin bestaan), maar Jesus het van altyd af bestaan (Johannes 8:58). Die kontras wys daarom duidelik wat Jesus vir die Jode wou sê: **"Ek is ewig (en net God is ewig), in kontras met Abraham wat gebore is".**

Verder is hierdie vers in die Evangelie van Johannes 'n verwysing na 'n gesprek wat God met Sy volk gehad het. "Julle is My getuies", is die uitspraak van die HERE (JAHWEH), "my dienskneg wat Ek uitgekies het, sodat julle My kan ken, in My kan glo, en kan insien dat dit Ek is." (Dieselfde woorde wat Jesus in die Evangelie van Johannes gebruik!). "Voor My is daar nie 'n god gevorm nie, en ná My sal daar nie een wees nie. Ek, ja, Ek is (weereens dieselfde woorde wat Jesus in Johannes 8:58 gebruik), die HERE (JAHWEH), en daar is **geen verlosser buiten My nie**" (Jesaja 43:10-11).

Vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)



(Dit wat die grammatika van Johannes 8:58 vir ons sê, lees ons hier in Jesaja 43:10-11. Dit was nog van altyd af dieselfde God. "Voor My is daar nie 'n god gevorm nie". Dit sal ook vir altyd dieselfde God wees. "Ná My sal daar nie een wees nie". En dan maak God baie seker dat ons weet WIE Hy is! "Ek, ja, Ek Is (Ego Eimi = Die Ewige Een), die Here (JAHWEH)". Dit is hoekom Jesus gesê het: "As julle nie glo dat Ek Is nie, sal julle in julle sondes sterf" (Johannes 8:24b). **Daar is geen ander moontlike verlosser as God self nie en daar is net Een. As julle dit nie glo nie, sal julle in julle sondes sterf**.
Dit is wat Jesus aan die jongman wou tuisbring. Niks 'goeds' wat hy wou bring sou kwalifiseer nie, want slegs God is goed en daarom is sy verlossing in God se hande alleen. Daarom sê Jesus: "Daar is net Een wat goed is." Dit beklemtoon die feit dat daar net Een is. Daar kan nie een God "kleiner" wees, naamlik Jesus, en een God "groter" wees, naamlik die Vader, nie. Daar is net Een –en Jesus en Sy Vader is altwee God.

Die Jode het presies geweet waarvan Jesus praat en daarom klippe opgetel om Hom te stenig vir lastering. Die reg vir die Joodse leiers om die doodstraf toe te dien is iewers in die eerste eeu weggeneem deur die Romeinse Ryk. Die feit dat hulle sommer wou voortgaan met die teregstelling wys net hoe woedend hierdie Jode geword het. Hulle het so kwaad geword dat dit hulle rede begin oorskadu het. Dit is duidelik uit die konteks, uit die grammatika en uit die agtergrondstudie dat Jesus Homself as God geïdentifiseer het.
Die ryk jongman, vol van homself, het Jesus nie as God en Here van sy lewe ontmoet en erken nie. Ons loop ook die gevaar as ons vol van onsself is en dink ons het iets om te bied om die hemel binne te gaan, om Jesus nie as God en Here van ons lewe te ontmoet en te erken nie.

## Jesus, die een wat kom op die wolke

Die ryk jongman was op soek na die één belangrike, goeie ding wat hy nog moes doen om die ewige lewe vir homself te verseker. "...watter goeie ding moet ek doen sodat ek die ewige lewe kan verkry?" (Matteus 19:16b). Of soos dit in Markus (en Lukas) se weergawe uitgedruk word: "**wat moet ek doen** sodat ek die ewige lewe kan erf?" (Markus 10:17b). Dit was sy struikelblok wat hom weerhou het om Jesus as sy Here te ontmoet. Hierdie eie-ek gesindheid van hom het gerealiseer as sy fisiese rykdom. Om daarvan ontslae te raak deur dit weg te gee sou die weg oopgemaak het om sy Koning te ontmoet.
Die skrywer van die Hebreër brief vermaan ons: "**Laat ons ons ook daarop toelê om mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade ... , soveel te meer nog namate julle dié dag sien nader kom!**" (Hebreërs 10:24-25). Ons behoort mekaar aan te moedig tot goeie dade **namate die dag nader kom.** Vers 26 gaan verder om ons te vermaan om nie "**willens en wetens aan (te) hou sonde doen nie**" (Hebreërs 10:26), **omdat** ons 'n verwagting het van die dag wat nader kom.

"DIE RYK JONG MAN,
VOL VAN HOMSELF,
HET NIE JESUS AS GOD VAN SY LEWE ERVAAR OF GEKEN NIE

HY HET GOEIE DADE AS 'N PASPOORT NA 'N PLEK GESIEN...
DIE HEMEL"

Die jongman se fokus was om **dinge** te doen en by 'n **plek** uit te kom. Hy het die goeie daad of dade gesien as paspoort na 'n plek, die hemel. Die goeie dade behoort **die kenmerk** te wees van dié wat klaar burgers van die hemel is. Soos Paulus sê: "Ons burgerskap is egter in die hemel, **vanwaar ons as Verlosser die Here Jesus Christus verwag**" (Filippense 3:20). Die verskil tussen die ryk jongman en burgers van die hemel is soos volg:

Vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

‘Die jongman **soek na ‘n goeie ding** wat hy kan doen om by ‘n plek uit te kom; die burgers van die hemel **verwag ‘n Persoon** wat kom om hom of haar te neem na waar Hy is. “Laat julle harte nie ontsteld wees nie. Glo in God, glo ook in My. In die huis van My Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek dit vir julle gesê het. Ek gaan om vir julle plek voor te berei. En as Ek gegaan en vir julle plek voorberei het, kom Ek weer en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Johannes 14:1-3). Daarom weerspieël sy (die burger se) gedrag sy lojaliteit en liefde wat hy vir sy Geliefde het.

DIE JONGMAN IS GERIG OP DADE EN SELFGESENTREERD, EN IS VOL ONSEKERHEID. ”

Die jongman is gerig op dade en selfgesentreerd, en is vol onsekerheid. **Hy besef nie met Wie hy te doen het nie.** Die burger van die hemel is Jesus- en verhouding-gesentreerd en sy lewe word gekenmerk deur sekerheid. Die burger se hart is nie ontsteld nie, maar gevul met geloof in die Een wat ‘n belofte gemaak het wat hy maar kan glo. **Hy wéét met Wie hy te doen het! Die Een wat kom op die wolke.**

Die Een wat ons verwag is die Een wat kom op die wolke. “**Kyk Hy kom met die wolke..**.” (Openbaring 1:7). Matteus vertel vir ons dat ons “**die Seun van die Mens (sal) sien kom op die wolke** van die hemel met groot krag en heerlikheid” (Matteus 24:30b).
Wat is die betekenis van die frase, “Kyk, Hy kom met die wolke”? Dit verwys na Daniël 7:13, OAV: “**Kyk met die wolke van die hemel het Een gekom soos die Seun van ‘n mens.**” Die Een wat op die wolke ry, is ‘**n eienskap wat uitsluitlik behoort aan die HERE**: “Loof die HERE, o my siel! **HERE my God**, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U bekleed ... **wat van die wolke Sy wa maak ...”** ((Psalm 104:1-3, OAV). Jesaja getuig en sê: “Kyk, die HERE ry op ‘n vinnige wolk ...” (Jesaja 19:1, OAV). Dan lees ons in Deuteronomium 33:26 (OAV): “**Niemand is daar soos God**, o Jesurun (poëtiese naam vir Israel), **wat oor die hemel ry** as jou hulp, en **oor die wolke in Sy hoogheid**.”

Die HERE (JAHWEH), wat baie groot is, maak van die wolke Sy wa. Daar is niemand soos God, wat oor die hemel ry, oor die wolke in Sy hoogheid nie. Dit is die Seun van die Mens (Daniël 7:13), die Een wat kom met die wolke (Openbaring 1:7). Dit is met hierdie naam en profiel wat Jesus Homself veral assosieer. Hy is God en HERE (JAHWEH). Dit is waarom Paulus vir Titus sê dat ons “uitsien na die salige hoop en glansryke verskyning van **ons groot God en Verlosser, Jesus Christus”** (Titus 2:13). Ons verwag of sien uit na Sy glansryke verskyning op die wolke. Hy is baie groot (Psalm 104:1); ons groot God (Titus 2:13). Daar is niemand soos Hy nie (Deuteronomium 33:26). **Hy is ons enigste Verlosser** (Titus 2:13; Jesaja 43:11). Hy is ook ons God (Psalm 104:1-4) en HERE (Psalm 104:1-4).

Verder identifiseer Petrus Hom as “ons God en Verlosser, Jesus Christus” (2 Petrus 1:1) en as “ons Here en Verlosser, Jesus Christus” (2 Petrus 1:11). In Titus 2:13 en 2 Petrus 1:1,11 geld die **Granville Sharp-reël wanneer dit korrek geformuleer word, sonder uitsondering** *i* . Hiérdie feit is baie betekenisvol want daar is baie min Griekse grammatika reëls waarvan dít gesê kan word!

Wat is die Granville Sharp-reël? Vergewe my, maar dit is nodig om weer so ‘n bietjie Griekse grammatika te verduidelik:
“Wanneer daar twee naamwoorde in 'n sin voorkom, wat nie eiename (soos Cefas, of Paulus, of Timotheus) is nie, en hierdie naamwoorde beskryf 'n persoon, en die twee naamwoorde word gekoppel met "en", en die eerste naamwoord het die lidwoord "die" terwyl die tweede dit nie het nie, **verwys beide naamwoorde na dieselfde persoon**” ii. Titus 2:13 is ‘n goeie voorbeeld hiervan: “Terwyl ons uitsien na die salige hoop en glansryke verskyning van ons **groot God** (naamwoord) en (koppel) **Verlosser** (naamwoord), Jesus Christus”. Beide die naamwoorde, **groot God** en **Verlosser**, verwys na **dieselfde onderwerp**, JESUS CHRISTUS.

Vervolg op vlg. bl./

# TEOLOGIESE GESPREK (VERVOLG)

Die gevolgtrekking waartoe ons kom in hierdie vers, en ander soos hierdie waar die Granville Sharp-reël ook geld (bv. 2 Petrus 1:1,11), word ondersteun deur al die verse reeds hierbo genoem waar Jesus as die Ryer van die wolke geïdentifiseer word.

Hoekom is sommige Bybelvertalings dan nie so vertaal nie? Dit is as gevolg van die invloed van George B. Winer en sy baie belangrike werk in die Griekse grammatika. As gevolg hiervan het hy vir dekades 'n groot invloed uitgeoefen op vertalers. Dit is egter belangrik om te weet dat Winer self erken dat dit nie grammatikale beginsels was wat hom daartoe gelei het om Titus 2:13 se korrekte vertaling te verwerp nie, maar sy eie anti-trinitariese oortuigingsiii.

## DIE RYK JONG MAN MOES VAN SY EIE-EK ONTSLAE RAAK

”

Lr. Pieter is getroud met Marina (gebore Birkenstock): "Sy's werklik my beste helfte en saam met my in die bediening. Ons het twee pragtige dogters van ons eie Nicolette en Petro, en een wonderlike Godgegewe dogter, Luiza. Ons het ook een pragtige kleindogter, Helen." Hulle het in die bediening begin in Namibië 1991, was onderwysers op Sedaven en in Korea en is nou die predikantspaar vir Krugersdorp, Randfontein en Carletonville.

### Slotsom

Soos wat ons eerste jongman van sy eie "goeie" kleed ontslae moes raak om 'n ontmoeting met sy koning te kon kry, moes die ryk jongman ook van sy eie-ek, "ek-is-goed", en die uiterlike manifistasie daarvan – sy rykdom – ontslae raak om 'n ware ontmoeting met sy Koning te kon hê. Sy verlossing lê in die hande van die Seun van die Mens wat kom op die wolke. Die ware Lam van God, vlekkeloos en sondeloos. Die Lam wat geslag is en wat op dieselfde troon sit as die Vader en die Heilige Gees. Dit is so omdat daar net Een God is. Die Seun van die Mens is ook God. Hy alleen is waardig om die heelal se lot in Sy hande te hou, juis omdat Hy God is. Jesus is ten volle God.

i A. T. Robertson, **The Minister and his Greek New Testament,** pp. 66-67
ii A. T. Robertson, **The Minister and his Greek New Testament,** pp. 66-67

iii **Granville Sharp, Remarks on the Uses of the Definitive Article in the Greek Text of the New Testament: Containing Many New Proofs of the Divinity of Christ, From Passages Which are Wrongly Translated in the Common English Version**, (Philadelphia: B. B. Hopkins and Co., 1807), p. 3



# TRUST EN REGSDIENSTE

## HIER OM TE DIEN

**Deur Adv Japie Strydom**

### Die Trust en Regsdienste Department

(hierna "die Departement") van die NKSA groet u in die wonderlike naam van onse Here Jesus Christus.

Die Departement funksioneer onder 'n Direkteur wie ook die Regsadviseur van die NKSA is. Die huidige Direkteur van die Departement is Adv. Japie (J.S.) Strydom, wie ook 'n geordende predikant is. Hy word bygestaan deur twee beamptes, Sr Nicky Jacobs en Sr Amanda Pretorius. Sr Jacobs was onlangs aangestel in die nuwe pos van Administratiewe Assistent, terwyl Sr Pretorius as tydelike sekretaresse vir die Departement dien.

Die primêre mandaat van die Departement is om oorhoofse regsrisiko advies aan die NKSA en sy 161 lede,[1] drie inrigtings en vyf Skole te gee. Ten einde sy mandaat te vervul, word die Departement funksioneel in ses afdelings verdeel wat dienste lewer ooreenkomstig die spieëlbeeld van die verskillende departemente van die Wêreldkonferensie. Hierdie Afdelings is:

(1) Algemene Regsafdeling;
(2) Beplande Skenkings- en Trustdienste;
(3) Openbare Betrekkinge en Godsdiensvryheid;
(4) Kantoor van die Kovid-19 Nakomingsbeampte;
(5) Kantoor van die Inligtingsbeampte; en
(6) Kantoor van die Mishandelingsvoorkomings-beampte. Die Departement se dienste is in die algemeen gratis aan lede van gemeentes van die NKSA.

U aandag word vriendelik gevestig op die Departement se verslag aan die 27ste Sakesitting van die NKSA, waarin die sommige aktiwiteite van die Departement vir die afgelope drie jaar uitlig word. 'n Afskrif van die gemelde verslag kan van die Kantoor van die Uitvoerende Sekretaris van die NKSA verkry word.

Klem word in hierdie artikel geplaas op die werksaamhede van die Departement wat u persoonlik mag raak of welke u interessant of van nuut mag vind.

### 1.Die Algemene Regsafdeling.

**Die Sedaven Landgoed.** Die Algemene Regsafdeling, is ekstensief betrokke by die Dorpstigting van die NK Sedaven Landgoed, welke projek deur die NC Sedaven Estate NPC[1] as Verteenwoordiger van die eienaar[2] gedoen word. Lr. Strydom is die Kontrak Nakomingsbeampte vir die projek en skakel met die Projekbestuurder (Br Dudley van Eeden), Ingenieurs en ander deskundiges. Die Here het die projek uitermate geseën sodat die koste van die algemene dorpstigting van oor die R80 miljoen verminder was deur dit te beperk tot die primêre Dorpstigting na ongeveer R12 miljoen. Dit het die beskikbare fondse vir die Dorpstigting het 'n erge knou ontvang as gevolg van vloedskade op die Sedaven Landgoed wat meer as R8.5 miljoen beloop het. Die Versekeraar het slegs 'n bedrag van R1.2 miljoen skadevergoeding betaal het. Dit kan egter nie bekostig word om die projek te stop nie aangesien ons statutêr en kontraktueel gebonde is om daarmee voort te gaan.

**Die goeie nuus is dat die fasiliteite op NK Sedaven Landgoed vanaf April 2023 weer benut kan word.** Gemeentes moet die NKSA se fasiliteite bestuurder, Br Johan Vorster, kontak vir besprekings om die gemelde fasiliteite te gebruik.

### Oprigting van 'n Taakspan.

Die Kerkhandleiding bepaal[3] dat die Skathuis van die Here die NKSA is. Plaaslike Gemeentes ontvang gevolglik Tiendes en Offergawes namens die Konferensie en hou dit regtens in trust totdat dit aan die Konferensie oor betaal is. Trustfondse mag slegs hanteer word ooreenkomstig die Werksbeleid van die SDA Kerk en / of die skriftelike instruksie van die Konferensie. Indien die geld op 'n ander wyse deur 'n gemeente aangewend word, is dit wanaanwending van fondse wat neerkom op diefstal. Goeie bedoelinge, rasionalisering, of selfs beloftes om fondse terug te betaal, verander nie die feit dat dit steeds diefstal is nie. Dit beteken verder dat, enige gebruik van die trustfondse,[4] in afwyking van voormelde voorskrif, alle persone (die tesourier, elke kerkraadslede, ens.) wat by die afwyking (of toestemming daartoe) betrokke was, siviel- sowel as strafregtelik aanspreeklik gehou kan word vir die verlies.

Die buitengewone hoeveelheid trustfondse welke deur plaaslike gemeentes wanaangewend word, het daartoe gelei dat 'n toegewyde Taakspan in die Algemene Regsafdeling op gerig was om hierdie voorvalle te hanteer. Die mandaat van die

Vervolg op vlg. bl./

# TRUST EN REGSDIENSTE (VERVOLG)

Taakspan is om wanbesteding van trustfondse te ondersoek en die daders siviel sowel as strafregtelik aan te spreek. Die NKSA is voorts regtens verplig om diefstal van geld van meer as R100 000. 00 aan die toepaslike owerhede te rapporteer.

Ons vestig graag u aandag op ‘n onlangse geval van Me LM Mutsika,[5] wie haarself skuldig gemaak het aan van diefstal van trustgelde (tiendes en offergawes). Me Mutsika het vanaf 2012 tot 2015 trustgeld van die Pretoria City SDA Kerk wanaangewend vir eie gebruik. Nadat die NKSA in 2016 klagtes van diefstal teen haar gelê het, het die saak het ‘n stille dood gesterf. Alhoewel daar kennelik verskeie ander mense by die vermeende diefstal betrokke was, is slegs Me Mutsika aangekla. Die Departement die saak laat heropen en aangedring dat Me Mutsika strafregtelik deur die Staat vervolg moet word. Adv. Strydom was gebrevetteer deur beide die NKSA en die Pretoria City SDA Kerk om namens die klaers in die aangeleentheid te verskyn. Me Mutsika was uiteindelik skuldig bevind aan diefstal (in Maart 2022) en tot ‘n drie-jaar gevangenisstraf gevonnis (in November 2022).

**Wanbesteding van trustfondse is diefstal van die Here.** .: https://rekord.co.za/437635/church-treasurer-gets-3-years-for-stealing-r800k-in-offerings/; .
https://www.sowetanlive.co.za/news/south-africa/2022-11-09-ex-treasurer-slapped-with-three-year-jail-sentence-for-stealing-church-tithes/;

### 2. Die Beplande Skenkings- en Trustdienste Afdeling

Hierdie Afdeling is verantwoordelik vir skikking van Testamente vir ons lidmate en Administrasie van bestorwe Boedels.

Dié Afdeling is besig met ‘n forensiese oudit van al die Testamente wat deur die Departement gehou word te doen. Uit die ondersoek blyk dit dat die eksekuteur in verskeie testamente deur die Testateur / Testatrise in persoonlike hoedanigheid benoem was. Indien u Testament u Testament deur die Konferensie gehou word en dit u bedoeling was die u boedel by u afsterwe deur die Konferensie beredder moet word, word u vriendelik, dog dringend, versoek om die Departement te kontak sodat kan verseker dat u Testament reggestel word.

Daar is steeds ‘n vertraging in die beredderíng van bestorwe boedels. Dit is as gevolg van probleme in die Kantoor van die Meester van die Hooggeregshof, wat gebuk gaan onder korrupsie, kuberkaping van sy databasis en die beperkings wat deur die Covid-19 pandemie ingestel was. Die uiteindelike gevolg is nog (a) dat dit moeilik is om ‘n aanstelling as ‘n Eksekuteur by die Meester te verkry, en (b) dat die beredderíng van Boedels nog steeds heelwat langer neem as wat dit in die verlede geneem het. Indien u hierdeur geraak word, versoek ons u vriendelik om geduldig met ons te wees terwyl ons poog om u geliefde se boedel so spoedig moontlik af te handel.

### 3) Die Openbare Betrekkinge en Godsdiensvryheid Afdeling

Die mandaat van die hierdie Afdeling is om godsdiensvryheid aan te moedig en te beskerm, met besondere klem op vryheid van godsdiens en gewete. Godsdiensvryheid sluit die Grondwetlike[1] mensereg in dat ‘n persoon die godsdiens van sy keuse kan beoefen of om sy / haar godsdienstige oortuiging ooreenkomstig sy / haar insigte en gewete te verander; om godsdiens alleen of in ‘n gemeenskap (saam met medegelowiges) te beoefen; en om in aanbidding, onderhouding, beoefening, te getuig en te onderrig, onderworpe aan die erkenning en instandhouding van ander mense se ooreenkomstige regte.

In die lig van ons begrip van die Groot Stryd en die kontemporêre geskiedenis (waarin die nouer samewerking tussen kerk en staat na vore tree en vrye beoefening van godsdiensvryheid al hoe meer onder druk geplaas word), monitor die hierdie afdeling relevante tendense en om dit konserwatief en gebalanseerd binne die raamwerk van ons eskatologiese siening uit te lê.

In uitvoering van sy mandaat het hierdie Afdeling verskeie voorleggings aan die Minister van Justisie gemaak met betrekking tot die voorgenome wysiging van bestaande Wetgewing.Indien die voorgenome wysigings aangeneem sou word, sou dit ‘n uiters negatiewe uitwerking op die NKSA, sy inrigtings, sy lede en uiteindelik die SDA lidmate in RSA gehad het. Die Here het egter gelei en die voorgenoemde wysigings was nie aangebring was nie. Ons sal aanhou om dit te doen en ons voorleggings van tyd tot tyd te publiseer. U kan ‘n afskrif van vorige voorleggings kry op versoek aan ons Departement.

Vervolg op vlg. bl./

# TRUST EN REGSDIENSTE (VERVOLG)

Hierdie afdeling het verder lidmate, leerders- en naskoolse studente bygestaan, wat onder dwang was om op Saterdae (Sabbat) klas by te woon, eksamens te skryf of aan sekulêre aktiwiteite deel te neem, met aansoeke om hulle daarvan vry te stel en/of alternatiewe reëlings te tref sodat hulle eksamens kon aflê. Indien u 'n probleem van hierdie aard ervaar, behoort u eerstens u plaaslike predikant te kontak vir bystand. Indien hy / sy nie in staat is om te help en / of die saak te ingewikkeld raak, kan u die saak na ons verwys en sal ons u met graagte bystaan.

Binne die beleidsriglyne van die Wêreldkonferensie, het hierdie Afdeling 25 voorleggings namens SDA lidmate van ons Konferensie geskik vir aansoeke vir kwytskelding van hulle werkgewers se verpligte Kovid-19 inentingsbeleid. Ons het in hierdie verband gesteun op die bepalings van Artikel 12 (Vryheid en sekuriteit van die persoon) en Artikel 15 (Vryheid van godsdiens, geloof, en opinie) van die 1996-RSA Grondwet. Ten minste drie Groot Werkgewers het inter alia hulle inentingsbeleid, as gevolg van die voormelde voorleggings, verander.

**4. Die Kovid-19 Afdeling.**
Die Kovid-19 Afdeling was geskep deur die aanstelling van Lr Strydom as die Kovid-19 Nakomingsbeampte van die NKSA.[1] Met die genade van God, was die C-19 Afdeling in staat om die NKSA, sy 161 Lede, 3 Inrigtings en 5 Skole te lei deur die grootste burgerlike inperking in die wêreldgeskiedenis en het 'n veilige hawe van beskerming aan ons lede en lidmate voorsien van die aanvanklike verklaring van die Nasionale Ramptoestand op 20 Maart 2020 tot die beëindiging daarvan op 4 April 2022.

Met die beëindiging van die Nasionale Ramptoestand, was die Regering kennelik van voorneme om steeds beheer oor die samelewing uit te oefen wat dit onder die Rampbestuur Wet, 2002 gedoen het.[2] In hierdie verband was 'n aantal Kovid-19 regulasies onder die regulasies tot die Arbeidsverhoudinge Wet, 1995[3] ingevoeg maar was die grootste aantal daarvan onder die regulasies van die Nasionale Gesondheidswet, 2003[4] opgeneem. Die toepassing van hierdie regulasies kan te eniger tyd deur die betrokke Ministers van die in werking gestel word.

In afwagting van die laasgenoemde ontwikkeling, het die Ekskom die Kovid-19 aanstelling van die Direkteur van die Departement verleng en word die regulasies en kennisgewings voortdurend gemonitor..
Desnieteenstaande die beperkings van die Kovid-19 regulasies, het die Here ons Konferensie uitermate geseën. Ten spyte van ons ergste verwagtinge dat strafregtelike vervolging sal volg op oortreding van die beperking op persoonlike kontak tussen gemeentelede gedurende godsdienstige byeenkomste, het ons lidmate getrou gebly tot die opdrag van God om dissipels te maak en om "aan God eerder as aan die mens gehoorsaam te wees"[1] 829 persone was in ons Konferensie gedoop ten spyte van die voormelde beperkings. Ons kan God slegs dank vir Sy beskerming en leiding. Ons het egter deeglik voorberei om predikante en Lidmate van ons Konferensie te verdedig wie aangekla kon word vir burgerlike ongehoorsaamheid en dwarsboming van die gereg.

**Ons bedank al ons gemeentelede en in die besonder elke Kovid-19 Nakomingsbeamptes van ons gemeentes vir hulle ondersteuning, geduld, en samewerking. U was model burgers gedurende hierdie uiters beproewende tye waarvan ons nog nie heeltemal herstel het nie. Mag God aanhou om elkeen van u te seën terwyl u in Sy wingerd werk.**

**5.Die IO Afdeling (Inligtingsbeampte)**
Hierdie afdeling was geskep as gevolg van die verpligtinge wat deur die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013[1] (hierna "die POPI Wet") en die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000[2] op die NKSA geplaas word. Die POPI Wet poog om 'n balans te bewerkstellig tussen die reg tot privaatheid en die behoefte aan vrye vloei van- en toegang tot inligting deur die behoorlike regulering daarvan.

Lr Strydom was ooreenkomstig die bepalings van die POPI Wet deur Ekskom aangestel as die Inligtingsbeampte en die Uitvoerende Sekretaris, Lr Reece Anderson, as die Adjunk Inligtingsbeampte.

Ons Gemeentes, die Konferensie, Unie, Divisie en

Vervolg op vlg. bl./

# TRUST EN REGSDIENSTE (VERVOLG)

selfs die Wêreldkonferensie hou persoonlike inligting van lede en persone wat in kontak met ons en ons aktiwiteite kom. Hierdie inligting sluit name, lidmaatskapslyste, woon- en e-posadresse, telefoonnommers, tiende betalings, ens. in. Hierdie inligting word deur die POPI Wet beskerm.

Hierdie Afdeling word bygestaan deur 'n prokureur om die implimentering van die POPI Wet nou geset na te kom. Ons sal binnekort begin met opleidingsessies met al die persone wat deur die gemelde wet en implementering daarvan geraak word.

### 6. Die Mishandelingsvoorkomingsafdeling

Die Mandaat van hierdie Afdeling is om die Suid-Afrikaanse Uniekonferensie se Beleid oor Voorkoming van Mishandeling van Kwesbare Persone **(hierna "die Beleid")** toe te pas.

Die beleid is gerig op die voorkoming van mishandeling, bystand aan 'n persoon en rapportering van mishandeling.
In hierdie verband bepaal die beleid dat 'n predikant, godsdienstige leier, onderwyser, mediese praktisyn, of verpleegster wat in die diens van die organisasie is en wie 'n redelike vermoede het dat 'n persoon doelbewus verwaarloos of fisies mishandel was of word, onmiddellik sodanige wederregtelike en onregmatige optrede aan die SAPD en die plaaslike Mishandelingsvoorkomingsbeampte moet rapporteer. U word vriendelik versoek om ons kantore te kontak indien u indien u met 'n slagoffer van hierdie tipe optrede is of u 'n redelike vermoede het dat 'n persoon mishandel word.

**Indien u van ons dienste gebruik wil maak is u welkom om ons per e-pos**
**tls@nc.adventist.org**
**of**
**strydomj@nc.adventist.org**
**te kontak,**
**of om 'n afspraak met ons te maak.**



Adv Japie het op Sedaven groot geword, waar sy vader onderwys gegee het. Hy het aanvanklik sy teologiese graad op Helderberg voltooi en was 'n paar jaar in die bediening. Later het hy geroepe gevoel om ook grade in die regte na te streef. Terwyl hy as regter waargeneem het, het hy terselfde tyd in Bela-Bela pogings aangebied. "Ek en my pragtige vrou, Mariëtte, het twee lieflike dogters, Sumarí en Suné, met wie ek graag saam perdry in ons vrye tyd."

# KAMPVERGADERING IN DIE BERGE

## NET SOOS EK IS

### Deur Daleen Rodgers

Ek is nie 'n gebore Adventis nie, maar een ding wat my altyd geïnteresseer het sedert ek by die kerk aangesluit het, is die wonder wat in die woord "kampvergadering" vasgevang word. Mense se gedrag verander, hulle word besiel en daar is 'n belofte van iets uit 'n ander wêreld in hulle oë. Daar word vir jou gesê: "Moet dít definitief nie misloop nie."



Die mees gesogte Drakensville Kampvergadering het hierdie jaar vir my gewink, en nadat ek 'n uur op die foon deurgebring het, het ek daarin geslaag om my kosbare plek te verseker. Ek was nie teleurgesteld nie. Selfs die motorrit na die berge was terapeuties ... om die besigheid van die lewe agter te laat en die vredevolle kalmte van die Drakensberge binne te gaan. Ek het myself leeggemaak van al die lewe se spanning en was gereed om met genade en goedheid gevul te word! Selfs die opgewonde gebabbel in die motor het stil geword ... die majestueuse gesig het Psalm 121 se woord in ons gedagtes laat weerklink ... "Ek slaan my oë op na die berge ..."



Van die oomblik dat jy daar aankom is dit 'n weerontmoeting kakofonie van ou vriende en bekendes wat vir baie jare nie gesien was nie! Die gevoel van toegeneentheid is aansteeklik en selde word 'n skootrekenaar of foon gesien. Mense sit rondom tafels, kampvure en in beknopte huisies. Dit voel asof jy die Adventiste wêreld binnegekom het ... miskien 'n klein kykie van die hemel.



Die meeste wakker tyd word gevul met pragtige opheffende preke wat langer duur as die normale 20 minute. Jy hardloop van een saal of tent om vinnig terug te kom by jou blyplek om jou maag te vul omdat die volgende aanbieding binne slegs 'n paar minute gaan begin en jy wil dit nie mis nie.





# KAMPVERGADERING IN DIE BERGE (VERVOLG)

Behalwe vir ons eie talentvolle plaaslike predikante se bydraes, het ons onsself ook verlustig in vier kragtige sprekers: Barrey W. Bussey, Bryce Bowman, Brooks en Susan Payne van Adventist Frontier Missions (AFM).
Barrey W Bussey kom van Ontario, Kanada en hy het hoofsaaklik gestudeer in die velde van wet, godsdiens en politieke wetenskap. Dwarsdeur sy loopbaan in die welwillendheids sektor, was Barry ‘n geesdriftige voorspraak vir godsdiensvryheid en is ‘n georderde predikant en prokureur. Hy is die president en Hoof Uitvoerende Beampte van “First Freedoms Foundation” in Kanada. Sy gedagtes oor godsdiensvryheid was insiggewend. Die Westerse beskawing het geskiedkundig godsdiens voorstanders geakkommodeer. Oor die laaste twee dekades was godsdiensvryheid gesien as “die reg om te diskrimineer”, Nie langer word godsdiens gesien as ‘n positiewe goeie iets nie. Hy het na die geskiedenis van hierdie ontwikkeling gekyk en ‘n oorsiggegee van wat besig is om in Kanada te gebeur. Die temas is van toepassing in die meeste lande en hoe om ons gesinne en godsdienstige gemeenskappe te beskerm teen hierdie wêreldwye verskynsel.

Bryce Bowman, wie ‘n MA in Godsdiens van Andrews het, dien huidiglik as predikant van die Stevensville Kerk in Michigan. Hy het ook ‘n graad in bestuur van inligtingstelsels en het vir baie jare in die gesondheidsbedryf gewerk. In sy seminaar het hy die eind-tyd uitdaging van die teorie van evolusie en sy betrekking op die bybelse verslag van oorspronge en die finale boodskap van God se oorblyfselvolk ondersoek.

Volg die skakel vir toegang tot die seminare: https://www.youtube.com/playlist?list=PLB37w1HIhXwa75cuVu6VBSebMqSlqxan-

Onlangs afgetree van “Adventist Frontier Missions” en gedien het as direkteur van sending vir 20 jaar, was Susan Payne voorheen ‘n geregistreerde verpleegster, ‘n tuisonderrig moeder en saam met haar man, Brooks, sendeling in Papoea Nieu-Guinee. Sy het ‘n baie insiggewende seminaar aangebied oor geestelike oorlogvoering; wat die Bybel en die Stem van Profesie sê, hoe om demoniese aanvalle te herken, om voorbereid te wees en hoe om die duisternis te oorwin. Die stryd behoort aan die Here! En u kan ander help.

Brooks Payne is aangewakker deur om met mense om te gaan. Hy is ‘n ware ekstrovert met ‘n passie om ander te help. Sy betrokkenheid met vlieg en vliegtuigonderhoud het hom na baie plekke in die wêreld geneem as ‘n sendeling. Hy is die stigter van ‘n manne-afsondering wat al vir 28 jaar aan die gang is en hy is gemoeid om manne te help om oorwinnaars en beter vriende, eggenote en vaders te wees. Hy het ‘n baie selfwaarnemende seminaar aangebied oor of ons kerke nog steeds ‘n veilige plek is vir die wat seergekry en verwond is. Meer tot die punt ... is ek ‘n veilige persoon?

Die belangrikheid van kampvergaderings kan nie oorbeklemtoon word nie. Covid het ‘n verlange in meer as een Adventiste hart gebring om hierdie wonderlike, geesgedrewe bygeenkomste te kan bywoon. Dwarsdeur die Gees van Profesie geskrifte word raad gegee oor die doel van hierdie byeenkomste. Dit is in die belang van ons kerk dat ons ‘n duidelike visie behou oor die ware doel van ons kampvergaderings. "Ons kampvergaderings het ‘n ander doel ... Hulle moet die geestelike lewe onder ons eie mense promoveer ... Ons moet saam ontmoet en die Goddelike aanraking ontvang."—Testimonies, vol. 6, bl. 32.

Kom ons probeer om nie ‘n enkele kampvergadering in 2023 te mis nie!

Bryce Bowman, Barrey W. Bussey, Susan and Brooks Payne





# BAANBREKERNUUS

## VOORWAARTS MARSJEER – "EK SAL GAAN "

**Josua 6:7**

"En aan die volk het hy gesê: Trek op en gaan om die stad; maar die gewapendes moet voor die ark van die HERE optrek."

**Die oproep om te Marsjeer!!!**

In die eerste uitgawe van die Junior Jeug Nuusbrief, Januarie 2021, het die Departementele Direkteur begin met hierdie woorde, "Ek sal Gaan." Die departement onder sy leierskap het ongekende uitdagings ervaar, soos om die uitbreek en voortgesette gevolge van Covid 19 te hanteer. Die verbintenis om te "Gaan" het egter toegelaat dat die departement gegroei het onder moeilike situasies.

Soos wat ek deur die Junior Jeugbedieninge Sessieverslag gelees het, sien ek God se hand in die groei van die departement onder spanningsvolle tye. Vir die nuwe Driejaartydperk, sal die NKSA Junior Jeugdepartement voortgaan om die strategiese fokus van die Wêreldkerk se 'Ek Sal Gaan' te volg en ook 'GAAN VOORWAARTS ... MARSJEER!' te volg.

Die oproep om 'Voorwaarts te Marsjeer' is gerig op elke Voorslaggie, Baanbreker, Raadgewer, Direkteur, J-Kom leier, ampsdraer, ouderling, en predikant. Om 'Voorwaarts te Marsjeer' selfs al moet hulle dit alleen doen... Om 'Voorwaarts te Marsjeer' onder moeilike situasies en groot opoffering. Om 'Voorwaarts te Marsjeer' en nuwe en kreatiewe maniere te vind om die missie van Junior Jeugbedieninge te deel.

Daar is geen terugdraai nie. Ons besef dat die omstandighede rondom ons en die manier waarop ons bedien, verander het. Junior Jeugbedieninge sal voortgaan om geleenthede te skep en omgewings te voorsien waar jongmense betrokke kan raak met hulle portuurgroepe en mentors, hulle gedagtes deel en vrae te vra, te leer deur hulle verhouding met God te ondersoek en uit te leef. Ons mik om 'Voorwaarts te Marsjeer' terwyl ons kreatiewe en nuwe maniere gebruik om ons diep, betekenisvolle verhoudings met diegene rondom ons te deel.

**Deur Lr. John W Africa**

As Voorslaggies, mag Jesus ons help om Lammertjies, Suikerbekkies, Drawwertjies, Uitblinkers, Bouers, Helpende Hande te wees terwyl ons beloof om 'Voorwaarts te Marsjeer'!

As Baanbrekers, laat ons goeie Vriende, getroue Makkers, toegewyde Verkenners, en avontuurlike Touleiers, aangename Pioniers, betroubare Rigters wees, terwyl ons 'Voorwaarts Marsjeer'!

Om as Hoofrigters, 'Voorwaarts te Marsjeer' moet ons onderneem om leiers te bemagtig deur praktiese opleiding, hulle toe te rus, hulle te ontplooi vir diens, sodat hulle kinders en jeug kan help om in Christus se voetspore te volg.

### UNIFORMS: BESTEL BY MICHELLE



- Aanlyn toegang tot ons winkel: https://junior.ncadventist.org/shop/
- Epos: Michelle at: garridom@nc.adventist.org
- Telefoon: 011 616 6800 (Vra vir Junior Jeugbediening)

**Lr. John W. Africa bedien die Sewendedag-Adventistekerk in 'n professionele hoedanigheid sedert 2001; as onderwyser, kapelaan, distrikspredikant, en departementele leier op verskillende tye en huidiglik as die Junior Jeugbedieninge Direkteur. Hy is getroud en het drie wonderlike kinders. Hy het die Hoofrigterklas voltooi, sowel as Senior Jeugleierskap en is die trotse eienaar van 'n Silwer Toekenning.**



# SOEKLIG OP GEMEENSKAP BAANBREKERKLUBS.

## ROSETTENVILLE BRING HOOP

### BEREIK JOU GEMEENSKAP DEUR KINDERS

**Deur Areakoördineerder: Shylet S Aya Ndlovu Sibanda**

Die GBK (Gemeenskap Baanbrekerklub) van Rosettenville was bekend gestel op 5 Junie 2022. Dit was 'n pragtige en wonderlike reis om die klub te begin omdat ons nou hoop het vir kinders in ons gemeenskap.

Ons het die klub begin met die sokkerspan wat ons in ons gemeenskap het. Die span het bestaan uit 34 seuns en 1 dogter. Die meeste van die kinders is uit nie-Adventiste huise, het afwesige ouers en word deur grootouers grootgemaak. Ons het die Baanbrekerklub aan hulle voorgestel tydens die Covid 19 pandemie in 2020 met baie moeite en onder die streng regulasies. Toe hierdie beperkings verwyder was, kon ons voldoen aan al die vereistes wat nodig was om ons klub te begin

Ons wil die La Rochelle kerk bedank vir die aanvaarding van die GBK. Dit was 'n seën om saam met die Johannesburg Suidwes Sentraal Streek, Areakoördineerders, die Klubdirekteure, en die klubraadgewers van die kerk te werk. Ons het almal as 'n span saamgewerk in voorbereiding van die gemeenskap baanbrekerklub bekendstelling.

Ons missie is om die liefde van Christus te deel met almal om ons en geleenthede te voorsien vir die ontwikkeling van nuwe houdings en vaardighede wat persoonlike groei, span- of gemeenskapsgees en 'n gevoel van lojaliteit en respek vir God, Sy Skepping, en Sy kerk, bevorder. **Mag God aanhou om die Rosettenville Gemeenskap Baanbrekerklub te seën!**



# NKSA JEUG

## DRAKENSBERG UITSTAPPIE 2022

**Deur Belinda Moyo**



**"Op in die lug gaan ek, alhoewel ek mag sterf, kry ek die kans om te vlieg".**

Op Vrydag, 7 Oktober, het 13 NKSA jeug op 'n ontspanne, veeleisende en opwindende reis gegaan om een van die duisend staproetes in die Drakensberge te oorwin. Ons het begin in Witsieshoek, met die Tugela Valle Staproete via Sentinel Peak, wat die hoogste waterval in die wêreld is!

Dit was tyd om ons maandelange opleiding te toets. Ons, met ons rugsakke, wat die helfte so groot soos ons was, het vertrek vir 'n naweek in die berge.

Opgewonde, met glimlagte en positiewe houdings, het ons begin in die miswolke wat ons verwelkom het. Ons het ons sakke gedra terwyl ons die steil hellings aangedurf en oor rotse geklim het. Party het die rand op hande en voete opgeklim om by die paadjie aan te sluit aan die ander kant van die rotsagtige riwwe! Ander was aangesê om "behoorlik te loop" en nie te gil nie sodat die slang wat onder die rots weggekruip het nie skrik nie ...

Een van die stappers het haarself alleen in dfie middel bevind van die uitgestrekte ry lopers. Beangs kon sy nie voel hoe haar maag pleit vir die eetgoedjies in haar sak nie.

"Gelukkig het iemand gou by haar aangesluit en kon sy en haar maag weer ontspan. Die woorde van die wysste man wat ooit geleef het, het by ons weerklink, "twee is beter as een, want hulle het 'n goeie beloning vir hulle moeitevolle arbeid. Want as hulle val, kan die een sy maat optel, maar wee die een wat val sonder dat daar 'n tweede is om hom op te tel." Prediker 4:9-10

Toe ons die gewilde kettinglere bereik het, het sommige gedink aan hulle lewenskeuses terwyl ander komkommerkoel gebly het. Met ander wat hulp gekry het met hulle vrag, het ons almal veilig die top bereik en was beloon met 'n skouspelagtige uitsig van God se wonderlike skepping. Die grasgroen berg met sy valleie en riviere was bedek met wit wollerige wolke. Ons was werklik in die lug!

Terwyl ons gerus het, het ons 'n bekende geluid gehoor en glimlaggend opgekyk en gewonder wie so slim was om hierdie landskap met 'n Drone af te neem. Ons monde het oopgehang toe ons oë 'n voël gesien het. Die oorspronklike bron van die geluid, in sy natuurlike omgewing. Ons het egter nie geweet watter soort voël dit was nie. Ek het gesê dit was 'n arend, dit is my storie, en ek hou daarby!



the Tugela river, pitched our tents, hit the showers while others chose to hit the sinks, had devotion, prepared our supper and rested just after the sun went down. We were at the "highest" point in South Africa.

Despite the waterfall having been "turned off" (the rainy season had not commenced yet), we had an amazing time!

Vervolg op vlg. bl./

# DRAKENSBERG UITSTAPPIE (VERVOLG)

Ten spyte daarvan dat die waterval "afgeskakel" was (die reënseisoen het nog nie begin nie), het ons 'n wonderlike tyd gehad en het ons die goue uur geëer deur te kyk na die groot lig wat sy plek in die hemelruim ingeneem het, met Sentinel Peak aan die linkerkant, Eastern Buttress regs en ons en die waterlose waterval in die middel. Die waaghalsiges het op die rand van die kloof gesit en ander het die moed bymekaar geskraap om die water te drink uit die poele ongeag die inwoners, paddavissies!. Hulle het toe maar langs die rivierbedding gaan grawe om water te vind wat vry was van amfibieë. Ons het langs die rivier gesing en 'n kortpad terug gevat na die kampplek toe, selfs al kon ons ons tydelike huis sien, was ons oppad na die rand van 'n kloof en moes omdraai. Ons het gevoel soos die Israeliete op hulle reis na die beloofde land. Praat van Sabbatvreugde!

Die naweek was verby. Ons het weer 'n keer ons lewens in ons sakke gepak en een persoon het 'n klipperige verrassing gehad ... wat hy nog moes ontdek. Hy was regtig gelukkig want ons almal het gewens dat ons 'n bietjie meer gewig gehad het om ons voete vas op die grond te hou terwyl ons die "stormsterk wind" versigtiggetrotseer het met ons aftog teen die berg.

Terug in die parkeerarea, nadat ons harte opgehou het om so woes te klop van die kwaai wind, het die oulikes en fikses, hulle oorwinning gevier deur opstote te doen met hulle lewens nog steeds op hulle rug. Die uitstappie het op 'n hoë noot begin en geëindig. Ons het gegaan, ons het gesien, ons het oorwin. Ons het die vars skoon lug geniet, die koel windjie, nat weer, grootse tonele en herinneringe wat ons in die dag en die nag vasgevang het.



Belinda Moyo het 'n passie vir natuur, avonture en alle pret dinge. Die grootste geheim van Blessed Hope SDA Kerk in Pretoria, dis haar passie wat haar dikwels laat meng met die jeug in naburige stede.


Was dit moeilik, JA! Stapskoene was opgehang in voorbereiding vir aftrede en ure later weer aangetrek. Sal ons dit weer doen, DEFINITIEF! **Namens die 2022 stappers, wil ons Leraar Wesley Robb, Angela en die res van die NKSA jeugkomitee bedank vir die organisering van hierdie ekstra spesiale ondervinding.** Ons sien uit om meer wilde avonture te hê en vrese te ondervind wat ons nie geweet het ons het nie.





# MY JAAR IN ABUNDANT LIFE

## Deur Dorette Pelser




Op 23 Januarie 2022 het ek in Dundee, KZN aangekom en my jaar van Abundant Life begin. Die eerste ses weke was nogal intens, maar ek het nog steeds baie pret gehad. Dit het bestaan uit drie weke van "Adventist Frontier Missions (AFM)" en nog drie weke van Abundant Life opleiding.

Terwyl ons besig was met AFM opleiding het ons lesings gehad oor kultuur, taal, voedsel, gesondheid, verskillende Bybelstudieklasse en meer; almal wat ek gebruik het, of nog sal gebruik. Laurence Burn en Dale Goodson, onder andere, was ons hooflektore en het ongelooflike interessante lesings aangebied. Hulle het beide ons aktiwiteite laat doen as 'n groep en nie slegs om ons bande te versterk nie, maar ook om as een te dink en om uit 'n ander se oogpunt te sien. Dat ons eie opinie nie altyd die "regte" een is nie en dat om as 'n groep te werk, die beste is. Selfs al het ons gedurende van daardie aktiwiteite swaar gekry, het ons altyd laggend geëindig en die beste daarin gesien aan die einde van die dag. Meer as aktiwiteite was die verhale wat Mnr. Dale vir ons vertel het oor sy tyd in die sendingveld baie inspirerend en opheffend. Trane het elke keer begin vloei wanneer ek gehoor het van die tye wat God voorsien het en hom en sy gesin uitkoms gegee het uit 'n baie skrikwekkende situasie.

> AL HET ONS SOMS SWAARGEKRY HET ONS ALTYD LAGGEND GEËINDIG

ABL opleiding was intensief op 'n heeltemaal ander manier. Ons het vir drie dae gestap terwyl ons nie die fikste van mense was nie en waar ons tot die uiterste uitgedaag was. Ons het gehuil, geveg, siek geword en wou opgee, maar ons het deurgedruk. Daardie drie dae in die berge was die moeilikste dae wat ons gehad het, nogtans het dit vir ons gewys wie ons kan wees, wat ons kan doen en wat ons kan bereik. As ons teruggekyk het nadat ons die staptoer voltooi het, was dit so vervullend en het ons so trots gevoel om te weet dat dit is wat ons regtig kan doen. "Ek kan regtig meer doen as wat ek gedink het! Soveel meer!"

Na die staptoer het ons in die middel van nêrens gaan kamp vir ongeveer twee weke en, toe weer, was ons uitgedaag, het ons gehuil, gevoel of jou longe gaan uitval omdat jy so uitasem is, maar jy weet dat jy meer kan doen as jy jouself uitdaag." "Ten minste het ek hierdie keer lekker kos geëet ..." het jy jouself 'n bietjie getroos. Terwyl ons op die staptoer was, het ons slegs kos geëet wat ons vir onsself gekoop het met 'n baie klein begroting wat ons vir die ses van ons ontvang het, en dit was nie noodwendig 'n groot verskeidenheid nie. Toe ons by die kamp aangekom het, was daar vir ons gesê dat ons by ons spyskaart moes bly aangesien ons nog oorgehad het. 'n Paar dae later het ons toestemming gekry om saam met die "groot mense" te eet en wat 'n voorreg was dit nie om iets anders te proe as lensies, rys en soja nie!

Gedurende ons tyd in die bos het ons baie Bybelklasse gehad. Ons het Openbaring, Johannes, Skrede na Christus deur Ellen G. White gestudeer sowel as baie besprekings oor persoonlike Bybelstudie en ander Bybelse onderwerpe. Met elke Bybelklas het ek so opgewonde geraak, veral toe ons die boek van Openbaring bestudeer het. Openbaring mag in die begin lyk soos 'n skrikwekkende en onseker boek, maar dit gee jou soveel duidelikheid en baie dinge om na uit te sien. Dit is 'n boek van hoop. Ek het nooit geweet dat jy soveel kan leer uit een hoofstuk in die Bybel nie. Een hoofstuk kan jou 20 verskillende dinge leer. Gedurende die veertien dae studie van Johannes hoofstuk 9, het ek oor en oor iets nuuts gevind wat uitgestaan het.

Vervolg op vlg. bl./.

# MY JAAR IN ABL (VERVOLG)

Net omdat jy voorheen die Bybel gelees het, beteken dit nie dat jy God ken nie. Dit beteken nie dat dit al is wat daar is nie. Jy kan die Bybel oor en oor studeer en jy sal nog steeds meer van God leer, hoe lief Hy jou het, hoe om Hom, jouself en ander lief te hê en wat Hy vir jou gedoen het, en hoeveel Hy vir jou sal doen. Sodra jy 'n ware besef van God se liefde kry, kan jy nie genoeg kry nie. Dan is jy verslaaf. Die Bybel leer ons meer as wat ons dink. Dit verander ons manier van dink, ons manier van leef en ons manier om lief te hê en dit is alles vir die beste!

Vir die volgende paar maande het ons kampe gehad, uitreikings gedoen, kort ritte na Piet Retief, meer lesings oor die Bybel sowel as daaglikse take wat voltooi moes word. Ons het vir 'n dag na Hluhluwe gegaan, en later in die jaar vir 'n paar dae. Die eerste keer was dit vir 'n poppekas en die tweede keer vir 'n week van uitreiking. Ons het teëls by 'n skool gelê en gehelp met 'n gesondheids expo. Die skool was 'n uitreikprojek vir ABL vir baie jare en elke jaar gaan ons om te bou, herstel of iets te installeer. Indien iets nodig is, doen ons wat ons kan om te help.

Ons ritte na Piet Retief is hoofsaaklik omdat Mnr. Torlage 'n kerk daar het en gaan om te preek. Ons as Abundant Life ondersteun hom sowel as om Abundant Life te verteenwoordig. Daar was 'n tyd toe ons 'n groot opblaasbeeld opgerig het, die beeld wat koning Nebukadnesar in 'n droom gesien het, en ons het toe pamflette uitgegee sodat die mense die komende uitreiking kon bywoon. Ons het ook pamflette uitgegee vir die voortgesette Rookstaak klasse. Een van die mense wat die Rookstaak klasse bygewoon het kry op die oomblik Bybelstudies saam met sy vrou en hulle raak baie opgewonde oor elke Bybelstudie! Hulle beplan beide om binnekort gedoop te word. Is dit nie wonderlik nie?!

Ons het ook poppekaste aangebied, skole besoek en meer uitreiking gedoen om die evangelie te versprei. Ek het ongelukkig siek geraak en moes teruggaan Johannesburg toe vir behandeling. My span het egter werklik die res van die toer baie geniet.

Ons verantwoordelikhede het ons dwarsdeur elke dag besig gehou. Ons moes tuinmaak as 'n groep op Woensdae en die res van die week moes almal beurte maak om verskillende take te doen soos om in die kombuis te help, die biblioteek, die kantoor, tannie Lyn met Dare2Care te help, sowel as om die grasperk skoon te maak en te versorg. Aangesien ons beurte gemaak het met elke taak, het een lid van die groep elke week 'n "af-dag" gehad.
In Maart het ons ons eerste kamp van die jaar gehad en dit was die eerste ooit Meisieskamp by Mpati Boskamp. Slegs meisies kon bywoon en slegs die meisies in ons groep kon dit reël. Ek het nog nooit vantevore iets gereël nie, maar het uitgesien om dit te doen. Die meisies het dit regtig geniet en ek ook. Ek was in beheer van die 10-12 jariges en hoe oulik was hulle nie. Hulle was so vol lewe en ywerig om meer te leer.
Die volgende kamp was ons Winter Junior- en Tienerweek. Weer was ek by die Juniors en hulle was net so oulik. Ek het nooit van kinders gehou nie, wou nooit iets met hulle te doen gehad het nie, maar op die ou einde was ek goed met hulle. Hierdie jaar het die Here in my gewerk en ek het begin om van kinders te hou. Ek wil eendag kinders van my eie hê, omdat ek besef dat dit 'n absolute voorreg is om na Sy beeld geskape te wees en te skep.Ek wil 'n verskil in die wêreld maak deur kinders groot te maak wat die evangelie soos 'n veldbrand sal versprei. En natuurlik, ek sal dieselfde doen.

## "HOE LIEF HY VIR JOU IS... EN HOE OM ANDER LIEF TE HÊ



# MY JAAR IN ABL (VERVOLG)

Daardie week was heelwaarskynlik die koudste week wat ek in Dundee ervaar het. Ons het wasgoed op die draad gehad en nie tyd gehad om dit af te haal nie, omdat ons te besig was met die kinders, maar toe ek tyd gekry het om dit af te haal, was dit kliphard gevries. Met die Meisies Kamp was dit ook baie koud, maar hierdie kamp was anders. Die volgende week sou ons 'n kamp vir weeskinders hê en daardie week was dit ook vriesend koud. Ek het agtergekom dat elke keer wanneer 'n kamp begin, het die weer skielik verander. Satan het regtig sy bes probeer om die seëninge weg te hou wat die kinders sou ontvang Nou, wanneer ek terug kyk, kan ek sien hoe God my gelei het om deel van Abundant Life te kon wees. As jy my 'n jaar gelede gevra het, sou ek nie eers gedink het dat ABL was waar ek sou opeindig nie, inderwaarheid toe my ma dit voorgestel het, het ek dit nie eers oorweeg nie Ek het geweet dat sendingwerk swaar op my hart gedruk het. Vir een of ander rede het ek glad nie aangetrokke gevoel tot ABL nie.Ek het besluit om te bid en God te vra om my die weg te wys. Dit was 'n Jeugfees in die middel van Desember toe God vir my gewys het dat ek moes kies (deur mense en Sy leiding van my gedagtes en stryd). Dit was toe ek my hart oopgemaak en God se stem gehoor het dat alles eenvoudig geword en in plek geval het. Binne 'n week was die fondse ingesamel om my jaar te betaal! (Ek is nog steeds so dankbaar vir elkeen wat bygedra het en vir die wonderlike vrygewigheid).

ABL het so 'n invloed op my lewe gehad. Ek het soveel geleer, hoe om met mense oor die weg te kom, om die wêreld deur hulle oë te sien en om jou eie gevoelens en opinies partykeer eenkant toe te skuif. Ek het nuwe lewenslange vriende gemaak... 'n nuwe familie. Ons het geleer hoe om te kommunikeer en as span saam te werk, oor kulturele verskille en hoe om met mense van verskillende agtergronde te werk, om tuin te kon maak en die natuur te kan waardeer. My persoonlike groei was fenominaal, en dit is wat mense van my opmerk. Hoeveel ek ten goede verander het!

Wat hou die toekoms in ...Ek gaan nou eers huistoe; Ek gaan dit wat God na die tafel bring, volg. Van nou af gaan ek na Sy stem en leiding luister. Sendingwerk is nog steeds na aan my hart ...

## LUISTER NA SY STEM EN LEIDING

**ABL Jaarlikse Opleidingsprogram**
**(Beperk tot 12 mense, 18-26 jaar).**
***Wil jy graag hê 2023 moet 'n betekenisvolle verskil in jou lewe maak? Maak dit 'n spesiale jaar... om God veel beter te leer ken en op die koop toe verskeie lewensvaardighede aan te leer.*** **Ons begin op 23 Januarie 2023. Kliek hier vir meer inligting en aansoekvorms: https://www.abundant.co.za/abl/**

.



# KINDERHOEKIE met tannie Estelle Baker



Hi seuns en dogters,

Ek is Tannie Estelle van die Noordelike Konferensie. Baie welkom by ons spesiale kinderhoekie.

Ek is so opgewonde om **prettige aktiwiteite** en **Bybellessies** met julle te deel. Weet julle waarvan hou ek? Om tyd in die natuur deur te bring! Dit laat my rustig en tevrede voel. As ek die voëls hoor sing en die pragtige blomme sien, dan dink ek aan **ons wonderlike God**, ons **Skepper.**

Ek sal ook baie graag van julle wil hoor!

Met baie liefde en seënwense
Tannie Estelle






**Skryf aan my of teken 'n prent:**
children@nc.adventist.org | 073 471 4143
https://children.ncadventist.org

## DIE SKEPPING...

### Wat het gebeur? en HOE?

**Die Eerste Dag van die Skepping**

God het die aarde vir ons gemaak om op te leef. In die begin was die aarde donker en leeg. Maar God het gesê: "Laat daar lig wees," en daar was lig. Dit is baie goed dat daar lig is. Toe het God die dag van die nag geskei. Dit is ook baie goed wanneer dit donker word en die hele natuur, die diere en mense kan rus.

**Wat van my?**

Gedurende die dag kan jy speel, eet en studeer. Gedurende die nag terwyl jy slaap, groei jy.

**Kom ons bid**

Dankie God omdat u begin het om die wêreld vir my te maak.

**Die Bybel sê**

**"En God het gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig." (Gen.1:3).**



## Die Tweede Dag van die Skepping

Op hierdie dag het God iets gemaak wat ons nie kan sien nie, maar waarsonder ons nie kan leef nie. Hy het lug gemaak! Wil jy dit voel? Vra jou mamma om haar haardroër aan te skakel, of jy kan jou hande by die venster uitsteek wanneer die motor ry. Dit is pragtig! Hierdie lug skei die land van die hemelruim.

### Wat van my?

Probeer dit – haal diep asem! Hoe goed is dit om jou longe vol te maak met vars lug.



### Kom ons bid

Dankie liewe God, vir die lug wat ons inasem.

### Die Bybel sê

"En God het gesê: Laat daar 'n uitspansel wees tussen die waters en laat dit skeiding maak tussen waters en waters." (Gen.1:6).

## Die Derde Dag van die Skepping

Hierdie was die dag wat God die water op een plek gesit het, soos oseane, rivier en mere. Hy het ook die droë grond gemaak. Die grond het tekens begin wys van grasvelde, kruie, bome, party klein en ander groot. Alles was baie groen. Jy kon pragtige blomme oral sien wat lekker geruik het!



### Wat van my?

Wat is jou geliefkoosde vrugte? God het ook aan jou gesondheid gedink toe hy die bome gemaak het wat vrugte dra en die groente.

### Kom ons bid

Dankie, Here, dat U sorg dat die aarde vol is van goeie en pragtige plante.

### Die Bybel sê

**"Die aarde het voortgebring grasspruitjies, ... bome wat vrugte dra, waarin hulle saad is..." (Gen. 1:12).**

## Die Vierde Dag van die Skepping

Gedurende die vierde dag het 'n geel sirkel wat soos vuur gelyk het in die lug begin verskyn. Dit was die son. Sy strale het 'n uitwerking op die hele natuur. Die hele natuur skyn! Dan, aan die einde van die middag, het die maan verskyn en dit was nag. Die hemel was gevul met sterre. Dankie, daarom het ons jare, maande,
lente, somer, herfs en winter met al hulle spesiale eienskappe.



**Wat van my?**

God weet dat jy lig en hitte nodig het om goed te leef. Die nag is baie mooier met al daardie ligte!

**Kom ons bid**

Dankie, Here, vir die son wat in die dag skyn en dankie vir die maan en sterre wat in die nag skyn.


**Die Bybel sê**

**"God het die twee groot ligte gemaak: die groot lig om te heers oor die dag en die klein lig om te heers oor die nag; ook die sterre" (Gen1:16).**

## Die Vyfde Dag van die Skepping

Die wêreld was besig om baie mooi te word, maar dit was nog steeds stil en leeg. Toe het God die visse en waterdiere gemaak, en die diere wat op die grond kruip. Daarna het voëls te voorskyn gekom. Hulle was groot. Hulle het deur die blou lug gevlieg, op die takke van die bome geland, en gesing terwyl die visse gelukkig in die water gespring het.

**Wat van my?**



Ken jy die name van enige visse?
Ken jy die name van enige voëls?
Wat is jou geliefkoosdes?

**Kom ons bid**

Dankie, Here, dat U die visse en die voëls gemaak het wat die natuur gelukkig maak.

Die Bybel sê

"En God het gesê: Laat die waters wemel met 'n gewemel van lewende wesens, en laat die voëls oor die aarde vlieg langs die uitspansel van die hemel." (Gen. 1:20).

## Die Sesde Dag van die Skepping

Dit was op daardie dag dat God die diere gemaak het: ons troeteldiere, soos die hond en die kat; die plaasdiere, soos die donkie, die koei en die perd; en die bosdiere, soos die leeu, die olifant en die kameelperd. Toe nadat God al hierdie diere gemaak het, het Hy die man, Adam gemaak, en toe laaste die vrou – sy vrou, Eva. God het alles gesien wat Hy gemaak het en gedink dat dit baie goed was!



**Wat van my?**

Onthou alles wat God vir jou gemaak het. Alles net in ses dae!

**Kom ons bid**

Liewe God, dit is goed dat U al die diere gemaak het waarvan ek so baie hou. Baie dankie!

**Die Bybel sê**

"En God het die mens geskape na sy beeld" (Gen.1:27).

## 'n Dag om te Rus

'n Man het sewe muntstukke gehad. Eendag het hy 'n bedelaar gesien en om hom te help, het hy vir hom ses muntstukke gegee, maar die bedelaar wou meer hê en het die ander geldstuk gesteel. Het jy geweet dat God vir ons ses dae gegee het om te werk en een dag om saam met Hom te wees? Maar somtyds gebruik ons hierdie dag ook vir onsself.



**Wat van my?**

Onthou jy altyd om nader aan God te wees op die sewende dag?
Hoe doen jy dit?

**Kom ons bid**

Dankie, liewe God, dat U vir ons 'n dag gegee het om kerktoe te gaan en dit saam met ons ouers te geniet.

**Die Bybel sê**


"Maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God" (Ex. 20:10).


# 'N VIS WAT HELP

## Vertel deur Tannie Adele van der Merwe

Daar was 'n seuntjie wat saam met sy mamma gebly het. Sy pappa is ongelukkig dood en die seuntjie en sy mamma moes alleen voortgaan. Hulle het gesukkel om te lewe want hulle geld was min.
Die mamma en die seuntjie het elke aand saam uit die Bybel gelees en saam gebid. Een aand het hulle die Bybelverhaal in Matthéüs 17:26 van die tempelbelasting wat Jesus betaal het, gelees. In die Bybelverhaal wat hulle gelees het, het Jesus vir Petrus gestuur om 'n vis te vang. Petrus het 'n muntstuk binne in die vis se mond gekry en Jesus het vir hom gevra om die tempelbelasting daarmee te betaal.

Matthéüs 17:26 Toe Petrus antwoord: "Van ander mense," sê Jesus vir hom: "Dan is die seuns mos vrygestel. 27 Maar ons moenie hierdie mense aanstoot gee nie. Gaan see toe en gooi 'n hoek in, en die eerste vis wat byt, moet jy uittrek. As jy sy bek oopmaak, sal jy 'n silwermuntstuk daarin kry. Vat dit en betaal hulle die belasting vir My en vir jou."





Die seuntjie het die volgende oggend besluit dat hy sy spaarblikkie sou leegmaak en die geldjies sou gebruik om 'n vis by die slaghuis in die dorp te gaan koop. Toe hy by die slaghuis aangekom het, het hy vir die slagter die geldjies gegee en gevra dat die slagter vir hom die grootste vis moes gee wat hy in die winkel gehad het. Die slagter het vir hom gesê dat die geld wat hy vir hom gegee het, te min was vir 'n hele vis. Die seuntjie het toe vir die slagter gevra of hy dan net die kop van die vis kon koop. Die slagter het die kop van die vis toegedraai in 'n groot stuk koerantpapier en vir die seuntjie gegee. Later daardie aand toe die seuntjie se mamma by die huis gekom het na 'n dag se harde werk, het hy die toegedraaide viskop op die tafel neergesit en vir sy mamma gesê dat hy vir hulle geld gekry het.

Vervolg op vlg. bl./

# 'N VIS WAT HELP (VERVOLG)

Die mamma het die koerantpapier oopgemaak en die viskop daarin gesien en dadelik besef dat die seuntjie gedink het dat daar geld in die vis se bek was, net soos in die Bybelverhaal wat hulle die vorige aand gelees het. Sy het besef dat hy so 'n groot viskop gekoop het, want hy het gedink dat daar baie geld in sy bek sou gewees het en dat hy en sy mamma dan nie meer sou hoef te gesukkel het nie. Trane het uit die mamma se oë gerol en sy het vir hom gesê dat dit nie is hoe dit werk nie. Die seuntjie het hartseer omgedraai en na sy kamer gegaan en gaan bid.

## Trane het uit die mamma se oë gerol

Terwyl die mamma na die koerantpapier waarin die vis toegedraai was, gestaar het, het sy haar naam sien staan in die koerant, "Gesoek: Lilly Muir, Kontak dringend die plaaslike prokureur".

Die mamma het die volgende dag die nommer geskakel en die prokureur het vir haar gesê dat daar iemand verlangs in hul familie oorlede was, wat geen kinders gehad het nie, wat 'n groot bedrag geld aan haar bemaak het




Sy het vir die geld gaan teken by die prokureur en sy en die seuntjie het nie daarna meer nodig gehad om te sukkel nie.

Maatjies hierdie storie leer ons, dat wat die Bybel sê, waar is, want in Psalm 4:4 staan geskrywe: "Die Here hoor as ons na Hom roep." Die Here het die seuntjie se gebede verhoor en sy opregte geloof gesien. Dit leer ons ook dat die Here vir ons sorg en in ons behoeftes sal voorsien, soos geskryf is in Filippense 4:19: "My God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien". Somtyds selfs uit baie onverwagte oorde uit.

.





# 'N VIS WAT HELP



Hierdie is een van Tannie Adele se gunsteling stories wat sy eendag by Leraar Jaco van Niekerk gehoor het. Dit is 'n ware verhaal wat regtig gebeur het! Tannie Adele is getroud met Leraar Riaan van der Merwe, en hulle het drie seuns wat al groot is. . Tannie Adele werk vir die President by die Konferensie. Sy hou baie van lees, diere en die natuur. Sy het 'n groot liefde vir God en al Sy kinders en sy vertel graag kinderstories.

## KLEUR DIE PRENT IN EN VERTEL VIR IEMAND DIE STORIE



# VIND DIE WOORDE

## In the beginning...

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| G | S | D | F | T | H | H | D | U | T |
| S | N | N | A | H | S | T | E | L | H |
| W | U | I | A | Y | I | R | T | L | G |
| I | E | N | N | E | F | A | A | I | I |
| N | O | O | M | N | C | E | E | G | N |
| B | I | R | D | S | I | O | R | H | M |
| R | E | S | T | E | D | G | C | T | G |
| S | N | E | V | A | E | H | E | O | Y |
| A | N | I | M | A | L | S | D | B | P |
| W | D | Y | M | A | N | K | I | N | D |

ANIMALS
CREATED
FISH
LIGHT
NIGHT
SUN

BEGINNING
DAY
GOD
MANKIND
OCEANS

BIRDS
EARTH
HEAVENS
MOON
RESTED

# AFTREE @ NKOT



*Northern Conference Development Trust*

*Noordelike Konferensie Ontwikkeling Trust*







**For Sale / To Let**

**www.ncdt3.co.za**

**For Appointments**

**www.retire-at-ncdt.co.za**

## About The Property

**Sonskyn RV - 10 Units For Sale**
**Adventhaven RV - 7 Units For Sale**
**ESDA RV - 6 Units For Sale**
**Three Rivers - 6 Units For Sale**
**Diamant RV - 1 Unit For Sale**

offered at

**https://www.facebook.com/NCDT3/**